# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 374 • September 2024




## So, wat is nou eintlik die verskil?

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Kor. 1:23-24*

September 2024 | No. 374

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Hoofverskille tussen Afrikaanse gereformeerde kerke


**REDAKSIONEEL**

**Ds. Schalk Strauss**
Nét my Jannie is in pas! ........ 1

**AMPTELIK** ........ 3

**ONTVANG DIE WOORD**

**Ds. Adri van Staden**
Die misleiding deur valse profete ........ 4

**HOOFARTIKEL**

**Prof. Izak Brink**
Hoe moet gelowiges oor kerklike verskille dink ........ 6

**ARTIKELS**

**Ds. Attie Boshoff**
Skrifbeskouing ........ 8

**Ds. Attie Boshoff**
Waartoe lei 'n bedenklike Skrifbeskouing? ........ 12

**Josef du Toit**
Gereformeerde kerke en volke ........ 14

**Ds. Willem van Schalkwyk**
Ampsbeskouing ........ 16

**Ds. Jannie Bisschoff**
Die sleutels van die hemelryk ........ 18

**Ds. Greyling van Rooyen**
Kerkbegrip en kerkregeringstelsel:
'n Praktiese uitleef van Skriftuurlike beginsels ........ 20

**Ds. Ruan Combrink**
Sakramentsbeskouing ........ 22

**Ds. Leon du Plessis**
Die gehoorsame, groeiende gemeente en die sendingopdrag ........ 26

**Ds. Joubert Ferreira**
Liturgie in die Middeleeue ........ 28

**AKTUEEL**

Smeltoond: "Mag Christus verdeel word?" ........ 25
Bybelwoordblok ........ 11
Sport of Spot: Olimpiese Spele 2024 (KBS-verklaring) ........ 13
Huldeblyk ........ 30
Gemeentenuus ........ 31

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**

**Dr. Pieter Möller**
Totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika ........ 38

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**

**Hannekie Verwoerd**
Met raad en daad ........ 39


**VOORBLAD:**
Embleme van die hoofstroom Afrikaanse gereformeerde kerke.


**REDAKSIE**

**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss

**Subredakteur**
Mev. C Möller

**Redaksielede**
Di. RK Combrink,
HJ Dafel, A Hough

**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za

**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

---

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**

Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

---

Gedruk en gebind deur:

BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:

Lig in Duisternis
UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za



# Nét my Jannie is in pas!

**Ds. Schalk Strauss**

**Baie van ons ken die komiese verhaaltjie van 'n ma wat haar seun se militêre parade bywoon. Toe die peloton verbymarsjeer, merk sy op: "Kyk, almal is uit pas uit! Nét my Jannie is in pas!" By haar was dit nie eens 'n oorweging dat haar seun dalk uit pas uit is nie ... Sy was blind vir sy foute.**

Ons almal het maar so 'n bietjie van hierdie ma se gene geërf, want oor die algemeen is ons geneig om altyd die splinter in ander se oë uit te wys, terwyl ons die balk in ons eie oog ignoreer. Aangesien ons al heelwat versoeke daarvoor gekry het, fokus ons in hierdie uitgawe op die verskille tussen die tradisionele Afrikaanse kerke binne die gereformeerde tradisie[1].

> **Die gevaar is egter groot dat so 'n uitgawe kan ontaard en ons onsself op die ou einde gelukwens omdat óns Jannie (die AP Kerk) volgens ons die enigste een is wat in pas is.**

Dit is 'n gevaarlike plek om te wees, want 'n denkwyse waarin net jy reg en almal anders verkeerd is, is 'n bose broeiplek vir sektariese denke en 'n vrugbare teelaarde vir geestelike hoogmoed.

Terselfdertyd moet ons egter ook versigtig wees om nie in die verraderlike postmoderne slaggat van kritieklose aanvaarding te trap waarin die uitwys van verskille, veral wesenlike verskille, onmiddellik as "liefdeloos" en "onverdraagsaam" afgemaak word nie. Ons word immers opgeroep om die geeste te onderskei (vgl. 1 Joh. 4:1).

Om oor kerklike verskille na te dink, kan 'n baie vrugbare oefening wees. Dit dwing ons om opnuut ons eie posisie en standpunte oor bepaalde sake te oorweeg, dit aan die Skrif te meet en dit verder te verdiep of in (nouer) ooreenstemming met die Skrif te bring – veral wanneer dit uitgedaag word. Dit is immers wat dit beteken om *semper reformanda* (altyd reformerend) te wees.

## Toehand en oophand sake

Wanneer 'n mens oor kerklike verskille nadink, is dit baie belangrik om tussen toehand en oophand sake te onderskei. Toehand sake verwys na sake of standpunte wat ononderhandelbaar is. Dit is gewoonlik sake wat tot die kern van ons geloofsidentiteit hoort of wat die boublokke daarvan vorm. Dit sluit sake in soos die leer oor die Drie-eenheid, verlossing uit genade alleen, deur die geloof in Jesus Christus alleen, die Bybel as enigste en onfeilbare Woord van God, dat Jesus Christus tegelyk en volledig God en mens was, ensovoorts. Hierdie sake vorm die kern van ons geloofsidentiteit en is deel van die kerk se gemeenskaplike belydenis. Wie enige van hierdie sake verwerp, het geen aanspraak op die naam "kerk van Jesus Christus" nie.

Oophand sake verwys egter na daardie sake of standpunte wat nie tot die kern van ons geloofsidentiteit hoort nie en waaroor daar in die Skrif meer beweegruimte gelaat word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die vraag of die plaaslike kerk 'n multikulturele of 'n homogene karakter moet hê. Die Skrif maak voorsiening vir beide. Daarom kies ons in die AP Kerk vir laasgenoemde, sonder om kerke wat eersgenoemde verkies, te verketter. Die liturgiese inkleding van die erediens is nog 'n voorbeeld van 'n oophand saak. Die Skrif gee duidelike (ononderhandelbare) beginsels oor die erediens (bv. die ordelikheid daarvan), maar laat

1. Ons fokus in die besonder op die verskille tussen die Afrikaanse Protestantse Kerk (AP Kerk), die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA), die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) en in sommige gevalle ook die Koinonia Sinode.

ruimte vir die inkleding daarvan wat uniek is tot elke volk en taal en nasie.

### Ken die verskille

’n Mens sou verwag dat dit maklik is om die voor die hand liggende verskille as oophand of toehand sake te klasifiseer. Ongelukkig gebeur dit egter toenemend dat sake wat veronderstel is om voor die hand liggend te wees, nie meer vir almal ewe voor die hand liggend is nie. Dit lei daartoe dat ons partykeer oophand sake met toehand sake verwar. Wanneer dit gebeur, is ons geneig om kleiner of minder belangrike verskille op te blaas en selfs tot beginsels te verhef asof ons totale geloofsidentiteit daarvan afhanklik is of daarrondom sentreer. Dit gebeur veral wanneer ons die praktyk vir die norm aansien.

Die omgekeerde is natuurlik ook ’n gevaar – dat ons toehand sake vir oophand sake aansien. Neem iets soos Skrifbeskouing as voorbeeld.

**Skrifbeskouing het te doen met hoe jy die Skrif beskou – sien jy dit byvoorbeeld as antieke mense se woorde en nadenke oor God, of is dit God se selfopenbaring aan die wêreld in mensetaal?**

Baie beskou dit as ’n onbenullige vraag en iets wat aan elke mens se “opinie” oorgelaat moet word – dus, ’n oophand saak. Tog is dit juis nié ’n oophand saak nie, want jou Skrifbeskouing het ’n wesenlike invloed op hoe jy oor bepaalde sake waaroor die Skrif praat, gaan dink en dit gaan interpreteer. As jy die Skrif bloot as antieke mense se nadenke oor God beskou, kalwe dit uiteindelik die fondamente van die Christelike geloof (toehand sake) uit. Dit lei byvoorbeeld tot die gevolgtrekking dat homoseksualiteit nie werklik sonde is nie, want wat die Bybel daaroor sê, is maar net hoe die antieke mense daaroor gedink het. As moderne mense, gepantser met moderne wetenskaplike navorsing, weet ons van beter. Sodoende word die huwelik, as Goddelike instelling tussen een man en een vrou (’n toehand saak), se fondasies uitgekalwe en vernietig.

### Bly in pas

Wanneer ’n mens oor kerklike verskille nadink, is dit uiteindelik belangrik om seker te maak jy bly in pas met die bevele wat die Bevelvoerder gee. Dalk laat dit jou frons, want word ons dan nie juis geleer om nie altyd saam met die stroom te swem nie? Natuurlik leer die Skrif ons om in die wêreld, maar nie soos die wêreld te wees nie (vgl. Joh. 17:14-18). Wanneer die wêreld die pas vir die kerk wil aangee, is dit juis belangrik om uit pas uit te wees.

In die kerk van die Here hoort dit egter nie so nie. Om stroomop of uit pas uit te wees, is nie ’n algemene reël vir gelowiges nie. Inteendeel, die Skrif beklemtoon die belangrikheid daarvan om in pas te bly wanneer Christus, die Koning van die kerk, deur sy Woord die pas aangee. Die beginsel van die wysheid is immers die vrees van die Here (vgl. Spr. 9:10). Wanneer ons binne die kerk van Christus óns Jannie se koördinasielose passies prys en ophemel, doen ons hom geen guns nie.

**In die kerk van Christus is ons immers nie net individue wat na die bevele van Christus luister en self kan besluit wat ons hoor nie, ons is deel van ’n groter geheel – ’n volle parade.**

Ons mag dalk in verskillende pelotons (plaaslike kerke) marsjeer, of selfs deel wees van verskillende bataljons (kerkverbande) wat weer deel uitmaak van ’n brigade (bv. die gereformeerde tradisie), maar uiteindelik is ons deel van een groot parade. Elke individu, maar uiteindelik ook elke peloton, bataljon en brigade behoort in pas met Christus se bevele te wees.

Om hierdie rede ondersoek ons dus die verskille tussen ons om seker te maak ons bly in pas. Ons ondersoek die verskille om seker te maak ons hoor die bevele reg. Ons vergelyk ons treë met die treë van die gelowiges voor ons en langs ons. Ons meet onsself aan die Skrif (waarin die bevele uitgereik word) en aan die kerk oor die wêreld, maar ook aan die kerk oor die eeue (om seker te maak ons hoor die bevel reg). Ons ondersoek die verskille, want uiteindelik is ons deel van die skare verlostes en wil ons, as God se weermag, soos een man na die ewigheid marsjeer terwyl ons die hande gelyktydig in saluut oplig vir Jesus Christus, die Koning van die kerk. ☺

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Hendrik du Plessis (Hoëveld-Ermelo/Carolina) na Groblersdal.
- Ds. Louis Kirstein (Nelspruit) na Fonteine/Nigel.
- Ds. Durandt Pieterse (Orania) na Christiana/Vaalharts.

### Beroepe aanvaar

- Ds. Hendrik du Plessis (Hoëveld-Ermelo/Carolina) na Groblersdal. Bevestiging: 17 Augustus. Intreepreek: 18 Augustus.
- Ds. Louis Kirstein (Nelspruit) na Fonteine/Nigel. Bevestiging en intreepreek: 1 September.

### Beroepe bedank

- Ds. Durandt Pieterse (Orania) na Christiana/Vaalharts.

## LIEF EN LEED

- Ds. Jurie Venter is op 25 Junie oorlede.
- Twee maande ná dr. Willie Burger se afsterwe is sy vrou, Hattien, op 27 Junie oorlede.

Ons bid hulle naasbestaandes die troosryke nabyheid van die Here toe.

## SKOOLKWARTALE 2024

Derde kwartaal: 9 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 1 Oktober – 11 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2024

Derde kwartaal: 8 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 30 September – 11 Desember

## SKOOLKWARTALE 2025

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*

### Beplande verskyningsdatums 2024

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Oktober 2024** | 13 Augustus | 26 September |
| **November 2024** | 12 September | 24 Oktober |
| **Des 2024/Jan 2025** | 11 Oktober | 26 November |

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2024

| | |
|---|---|
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **27 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2025

| | |
|---|---|
| **1 Januarie*** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **18 April*** | Goeie Vrydag |
| **20 April** | Paassondag |
| **21 April*** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **28 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **29 Mei** | Hemelvaart |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **8 Junie** | Pinksterfees |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **26 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |

## Gemeentenuus – ons wil graag van u hoor!

Stuur asseblief alle gemeentenuus in Microsoft Word-formaat aan ons. Nuusbrokkies moet nie langer as 300 woorde wees nie en ook nie ouer as ses maande nie. Ons wil graag foto's saam met u berig plaas. Stuur dit asseblief apart aan en nie as deel van die Word-dokument nie. Ons benodig die oorspronklike, hoëresolusiefoto's. Stuur u gemeentenuus na boodskapper@apk.co.za vir plasing.



# Die misleiding deur valse profete[1]

**Ds. Adri van Staden[2]**

**Skriflesing:** Eségiël 13:1-23 (bykomend: Jeremia 14:15-18 en 15:19-21) • **Teksvers:** *Wee die dwase profete wat agter hulle eie gees aan wandel en agter dinge wat hulle nie gesien het nie.* (Eség. 13:3b)

Sedert die eerste leuen in die Paradys, het die mens onder die leiding van Satan die kuns van misleiding vervolmaak. Of býna vervolmaak. Vandag moet 'n mens omtrent heldersiende wees om die waarheid agter die misleiding op alle gebiede te herken en van die leuen te onderskei. Ook, en miskien juis op godsdienstige terrein, word ons al meer deur valse profete oorval. Elke nou en dan verskyn daar 'n nuwe denkrigting op die horison, met sy handvol aanhangers wat dit as die waarheid profeteer – gewoonlik nogal met 'n teksvers of ses uit die Bybel as "bewys" dat dit dan nou die waarheid is.

**Hoe kan kinders van God al hierdie valse profete eien vir wat hulle is? Veral omdat almal met soveel oortuiging sê: "So spreek die Here"? Ons moet die valse profete onderskei van die profete van God – ons saligheid is op die spel.**

Deur die eeue het God leidrade gegee waaraan sy volk valse profete kan herken.

## Leidraad 1: Hulle is soos jakkalse op puinhope (v. 4)

'n Jakkals wat in puinhope rondgrawe, is 'n lui aasdier wat kyk of hy iets kan vreet wat ander weggegooi het. Hulle teer op ander se oorskiet en reste. So loop die valse profete op die spoor van die ware profete en probeer vir eie gewin op hulle teer. Eie belange en eie begeertes tel vir hulle die meeste en hulle het geen belang by God en sy koninkryk nie. Hulle eie behoeftes en wense is die motief vir wat hulle vir die wêreld sê.

Kom ons lê hierdie leidraad aan. Vra uself die vraag af: Tel sy politieke standpunte vir hom meer as die Woord van God? Gewoonlik is hierdie valse profete so fanaties oor die een of ander politieke ideaal, dat hulle bereid is om die Woord van God te verdraai en verwronge te verkondig om hul ideaal te verwesenlik. 'n Opvolgende vraag: Gaan dit om die profeet se eiebelang, of stel hy God se saak voorop? Gewoonlik is dit nie moeilik om deur so 'n "profeet" se motiewe te sien nie. Sy tydelike behoeftes of eie eer staan gewoonlik bo-aan sy prioriteitslys. God se saak word 'n kapstok om sý saak aan op te hang, en God se Woord word gebuig om te sê wat hý wil sê – dat ons saligheid byvoorbeeld afhang van die beoefening van geestelike gawes of van die aanhang van die bevrydingsteologie.

Hierdie vrae laat 'n mens besef hoeveel valse profete daar werklik vandag los rondloop en aan hoeveel misleiding ons blootgestel is! Daarteenoor staan die ware profete wat bereid is om groot offers ter wille van die saak van God te bring; profete wat eiebelang ondergeskik aan die belange van God stel.

## Leidraad 2: Hulle bou mure wat omval (v. 10 en 12)

Dit help nie om mure swak te bou en knoeiwerk dan met kalk toe te pleister nie. Daardie pleister kan nie die muur staande hou nie en eindelik gaan die knoeiwerk aan die lig kom wanneer die natuurelemente op God se bevel op daardie muur losbars en dit omval.

As ons hierdie leidraad van God wil gebruik om valse profete te ontmasker, moet ons kyk wie se profesieë stand hou. Wie verkondig vrede terwyl die stryd eenvoudig voortwoed en selfs al erger word? Wie hou onmoontlike oplossings voor om vrede te bring, wat dan eerder stryd veroorsaak? Wie wil die vrede van God aan menslike plannetjies of idees vasknoop? Sulke profete probeer wankelende teorieë van vrede toepleister met mooi klinkende woorde soos: "So spreek die Here," of: "Dit staan in die Bybel".

**Laat ons ons gesonde oordeel gebruik en die leidraad van God se Woord gebruik: As ons weet en sien vrede is onmoontlik langs die weg wat die valse profete verkondig, moet ons hulle as valse draers van valse vredesboodskappe ontmasker en verwerp. Die tyd leer al meer wie se vredesplanne van God kom en wie s'n menslike bedinksels is. Sodra God die mure wat hulle probeer bou, aan beproewing onderwerp, stort dit in duie.**

Daarteenoor is die vredesboodskappe van God se profete deur die eeue heen as eg bewys. Geen menslike pogings vir vrede het nog ooit geslaag nie. Die profete wat God se vredesaanbod van Gólgota, Jesus Christus, verkondig, is die profete wat die ware vrede verkondig. Jesus Christus is die groot Vredemaker tussen God en mens en tussen mens en mens.

## Leidraad 3: Hulle bind mense deur leuens (v. 20)

Leuens en korrupsie hou nie stand nie. Mense wat met bande van leuens gebind word, bly nie gebonde nie, want sulke bande is broos en breekbaar. Iewers in die toekoms word die bande van leuens gebreek en diegene wat daardeur gebind was, bevry.

Hierdie leidraad leer ons om te bepaal hoe blywend die invloed is wat profete op mense of siele het. Valse profete hou mense in hul mag soos voëls wat in 'n hok gevange gehou word. Deur valse verwagtinge van geluk en vryheid as lokaas te gebruik, word mense gelok om hulle te glo en te volg. Daardie geluk en vryheid wat die valse profete verkondig, bring egter geen geluk en vryheid nie. Miskien tydelik en kortstondig wel, maar nie blywend nie. Mettertyd kom elke siel tot die besef dat hy mislei en bedrieg is en dan verg dit 'n sielestryd deur die Heilige Gees om so iemand uit die mag van die leuengees te bevry.

Daarteenoor bring die ware profete wat die geluk van kindskap van die lewende God verkondig en vryheid van die mag van sonde profeteer, ewige geluk en vryheid. Iemand wat een maal van die leuengees bevry is, word vervul deur die Gees van waarheid, dit is die Gees van God. Hy keer nooit weer terug tot die mag van die leuen nie. Watter profeet se boodskap hou stand tot in ewigheid omdat dit aan die onveranderlike Woord van God gekoppel is, en watter profeet se woord hou net stand solank as wat die mensbedinkte teorie bly staan?

## Slot

God sal die valse profete ontmasker. Een vir een sal hulle valsheid aan die lig kom namate God hul werke vernietig. Laat ons God bid om 'n wyse hart te bekom, sodat ons hierdie valse profete betyds sal leer ken vir wat hulle is, sodat ons nie saam met hulle as aanhangers van die leuen bevind sal word nie. Daarvoor het God vir ons hierdie leidrade gegee. Aan die een kant maak dit die onderskeiding vir ons makliker, maar aan die ander kant beteken dit dat ons nou nie meer 'n verskoning het nie! Ons is gewaarsku. Waak en bid dat u nie gevang of mislei word nie. God het aan u die vermoë gegee om te oorweeg en te kies – gebruik die gawe!

Volg die ware profete wat eerlik en opreg, sonder om na eiebelang te kyk, ware vrede en blywende vryheid verkondig.

1. Die preek is geneem uit die preekbundel *18 Preke* en redaksioneel verkort.
2. Emeritusleraar.

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS
Het jy geweet ons publikasies kan ook aanlyn bestel word?
Gaan loer gerus by **www.liginduisternis.co.za**




# Hoe moet gelowiges oor kerklike verskille dink

**Prof. Izak Brink**[1]

Die kerk het saam met Jan van Riebeeck na ons land gekom. 'n Kerk vanuit die Reformasie met sterk gereformeerde uitgangspunte. In die loop van die jare het die kerklike lewe baie verander en bestaan daar vele kerke in ons land waarvan 'n aantal steeds aan die gereformeerde leer gebonde is, maar tog met verskillende beklemtoninge. Ons almal het vriende en familie wat aan ander gereformeerde kerke behoort en ons het nodig om oor ons verskille te besin. Die uitdaging is om waardig volgens ons belydenis te verskil: Ons is deur God omvorm van verlore tot begenadigde sondaars wat onder leiding van die Heilige Gees leef.

Die groot samebinding wat ons kenmerk, is ons aanvaarding van die Woord van God. Dít is die enigste basis vanwaar oor verskille gedink moet word. Die probleem wat homself onmiddellik aanbied as ons dit sê, is die vertolking van die Skrif en die aanvaarding van die gesag van die Skrif. Dat ons onderling ook hieroor verskil, is 'n hartseer werklikheid.

Daar is seker baie maniere om die verskille te hanteer, maar wat noodsaaklik is, is dat ons met die regte gesindheid teenoor mekaar moet leef. Wat dink ons van mekaar en hoe kom dit tot uiting? Laat ons daarom let op 'n paar voorwaardes waaraan ons moet voldoen:

## Ken jou bron

God het Homself op baie maniere aan ons geopenbaar, waarvan sy Woord die belangrikste is. Hier leer ons van sy genade en verlossingsplan deur Jesus Christus. Dit is waarop ons geloof gebou word en is ononderhandelbaar vir enige standpunte wat ons vir kerklike inrigting wil navolg.

**Die Woord moet dus die enigste norm wees waaraan 'n ander se standpunt getoets moet word. Vanuit hierdie gemeenskaplike bron kan daar oor verskille gedink en gepraat word.**

Dat daar oor die toepassing van die vertolking van sake verskille kan wees, moet aanvaar word. So aanvaar gereformeerde kerke almal die nagmaal, maar verskil soms oor die manier waarop dit gebruik word.

Hoe moet ons oor sake dink as daar nie by die Woord, as enigste norm, gehou word nie? Dit sal ongelukkig tot 'n negatiewe beoordeling van 'n ander se motiverings lei. Waar dit gebeur, sal sekere benaderinge noodwendig gevolg moet word.

## Dit is noodsaaklik om goed ingelig te wees

Die gevaar vir elke persoon wat oor hierdie sake dink, is om dit te doen vanuit 'n ervaring en dít tot die enigste norm te verhef. Met ander woorde, daar moet met erns nagevors word wat ander mense motiveer om te aanbid soos hulle dit doen. Dit beteken ook dat met sorg alle feite oor 'n saak van verskil bekom moet word voordat daaroor geoordeel kan word. Dit is 'n emosionele saak en daar moet met begrip oor 'n ander mens se uitlewing van sy of haar geloof gedink word. Daar kan nie op hoorsêgetuienis oor 'n verskil met 'n ander kerk besluit word nie.

Maak altyd seker dat jy self die verskil verstaan en kan verklaar waarom dit bestaan. Dit is ongelukkig waar dat 'n mens dikwels sal vasstaan by die dinge waaraan jy gewoond is, terwyl jy negatief sal dink oor 'n saak waarvan jy verskil. Gesprekke oor sulke verskille sal altyd help om tot 'n beter begrip van botsende standpunte te kom.

Elke gelowige moet daarom weet wat die Woord oor die uitlewing

van sy eie godsdiens sê en waarom hy glo en doen soos dit die geval is, en dan 'n ander se doen en late daarmee vergelyk. Iets is nie noodwendig verkeerd omdat dit nie ooreenkom met jou eie manier van doen nie.

### Probeer om ander te verstaan

Verskille is somtyds maklik aanwysbaar, wat dit maklik maak om daarop te reageer. Dit is egter 'n vraag of die rede vir die bestaan van die verskil, verstaan word. So kan liturgiese verskille maklik raakgesien word. Om egter sinvol daarop te reageer, vereis dat ons die redes waarom bepaalde gebruike in sekere kerke ingeburger geraak het, sal verstaan. Daar is gewoonlik 'n stuk geskiedenis wat agter elke gebruik lê en wat tot bepaalde liturgiese patrone gelei het.

Liturgiese momente kan maklik uit die Woord afgelei word, maar met tyd het daar tradisies bygekom. Waar die tradisies verstaan word, maak dit begrip vir 'n verskil soveel eenvoudiger. Ander sake kan simboliese waarde hê en moet as simbole verstaan word. Daar moet besin word of die simbole Bybels begrond is, of die tradisie nie verhef is tot beginsel nie en of die Skrifverklaring oor die saak verdedigbaar is.

Nadenke oor kerklike verskille vra die verstaan van 'n verskil, maar dit noodsaak ook dat elke denker sy eie standpunt goed moet ken. Vra dus altyd wat die Bybel sê. In ons denke moet die doel nie wees om ander verkeerd te bewys nie, maar om 'n verskil te verklaar en daarna te beoordeel aan die hand van ons bron – die Woord van God. 'n Ware verstaan mag dalk net reformatories inwerk op jou eie doen en late en dan was dit alles 'n sinvolle oefening. Dit beteken dat ons ook in die gees van selfondersoek en evaluering van ons eie standpunte na verskille met ander gereformeerde kerke moet kyk.

### Eerlike selfkennis en selfondersoek

Dit is so belangrik om na verskille met ander te kyk vanuit 'n eerlike ondersoek van jouself en van die redes waarom die verskil vir jou belangrik is. Waarom wil jy die redes vir 'n verskil weet en waartoe wil jy hê moet jou bevinding lei? In die eerste plek vra dit dat jy jouself en jou motiverings in so 'n saak ondersoek. Sonder liefde vir die Here en sy Woord sal dit nie moontlik wees nie. Sonder liefde vir jouself en die ander party, sal dit ook nie moontlik wees nie.

**In die oordenking van verskille vergeet ons maklik dat dit ten diepste oor 'n voller uitleef en belewing van die eer van God gaan. Dit is baie maklik om te vergeet dat jy eintlik in gesprek is met iemand wat ook in God Drie-enig glo en dat so iemand ook beelddraer van God is.**

Vergeet jy dit, word die verskil dalk 'n onverkwiklike geskil. Alle reëls van die Christelike etiek, verdraagsaamheid en die liefde moet die inherente onderbou wees van elkeen wat oor die verskil tussen kerke wil dink. Liefde vir 'n mens se eie kerk is 'n ernstige saak en wanneer daardie liefde bevraagteken word, sal dit tot spanning en onmin lei.

### Respekvolle optrede en eerlike deelname

Verskille bestaan. Ons sien dit, hoor dit en word die een of ander tyd daarmee gekonfronteer. Ons mag nooit 'n verskil benader met die gedagte dat die ander kerk se kant van die saak onbeduidend en sonder waarde is nie. Dit maak 'n eerlike uitkoms amper onmoontlik. Ons moet altyd met respek na ander se godsdiensbelewing kyk en ons moet dieselfde respek ook in óns denke openbaar.

**Waar daar oor die verstaan van die Bybel verskil word, moet teen neerhalende kritiek gewaak word, want so word niemand se standpunt verander nie.**

Respekteer altyd die ander persoon, maar tree beslis op waar Bybelse beginsels op die spel geplaas word. Die tyd waarin ons leef, waar menseregte tot evangelie verhef word, lei tot diepgaande verskille en hieroor moet met liefde geoordeel en met eerlike oortuiging uit die Skrif gedink word. Vanuit 'n gesonde denkproses kan daar, wanneer daarom gevra word, gepraat word, maar sonder die nodige begronding en regte gesindheid, sal verskille eerder verdiep.

### Samevatting

Daar bestaan verskillende gereformeerde kerke in ons land. Oor baie sake verskil ons en oor baie stem ons saam. Laat ons bou op ons gemeenskaplike erfenis, die Heilige Skrif en God se genadige bemoeienis in Jesus Christus met ons en so met mekaar saamleef en God dien.

1. Emeritusprofessor in diakoniologie.



# Skrifbeskouing

**Ds. Attie Boshoff**[1]

## Wat is Skrifbeskouing?

Daar is nie 'n bondige definisie van Skrifbeskouing waaroor almal saamstem nie. Tog is daar baie artikels, boeke en koerantberigte wat oor hierdie saak handel. Skrifbeskouing kom na vore wanneer daar uit 'n gelowige uitgangspunt oor sake soos volkereverhoudings, vrou in die amp, egskeiding, nagmaalsviering, die doop, geslagskwessies, seksualiteit, Sondagviering, genadedood, ensovoorts, geredeneer word. Gelowiges verskil hieroor. As hulle die Bybel ter stawing van hul standpunt aanhaal, kom 'n mens agter dat die manier waarop hulle na die Skrif kyk, verskil. Eenvoudig gestel: Die manier waarop 'n mens na die Bybel kyk en die gesag wat jy daaraan toeken, is jou Skrifbeskouing.

## Op die agtergrond of op die voorgrond?

Daar is talle grade van verskil oor Skrifbeskouing. By baie mense funksioneer 'n bepaalde Skrifbeskouing, maar nie noodwendig op die voorgrond van hul denke nie. Hulle praat en dink oor aktuele sake vanuit 'n gelowige oogpunt, maar het nog nie die saak hoe hulle die Bybel sien, op die voorgrond geplaas en dit ondersoek nie. Hulle het ook nog nie die gesag van die Skrif oor hul lewe deurdink nie. Die Bybel word net as verwysingspunt gebruik omdat dit 'n bepaalde gewig aan 'n argument verleen. 'n Mens wil nie graag met God stry of teen sy wil ingaan nie.

**As jou Skrifbeskouing op die agtergrond funksioneer, sal jy waarskynlik oor 'n bepaalde spektrum beweeg. In sekere sake sal jy dalk 'n sekere standpunt positief uit die Skrif beredeneer. In ander sake sal jy waarskynlik negatief teen 'n sekere standpunt redeneer. Iemand kan byvoorbeeld nie iets verkeerd sien met evolusie nie, maar is nie ten gunste van homoseksualisme nie. Of iemand aanvaar die vrou in die amp, maar sal nooit ten gunste van aborsie wees nie.**

Dit is wel belangrik dat ons ons Skrifbeskouing op die voorgrond plaas. Die vraag ontstaan hoe dit moontlik is om byvoorbeeld vir die vrou in die amp te wees, maar teen aborsie. Praat die Skrif dan nie duidelik oor beide sake nie? Waarom word een standpunt met ellelange redenasies verduidelik, maar die ander saak word kort en saaklik uit die Skrif gestaaf? In hierdie eindelose redenasies gaan die onderrok van jou beskouing oor die Skrif waarskynlik begin uithang. As 'n mens begin redeneer dat sekere dinge maar 'n Bybelskrywer se persoonlike standpunt was, of dat 'n sekere standpunt net die antieke samelewing se siening verteenwoordig, moet die helder rooi waarskuwingsligte begin flikker. Jy begin dan die gesag van die Bybel relativeer en willekeurig daarmee omgaan.

Tog is die saak meer ingewikkeld as net 'n blote: "Die Bybel sê so en basta!" Mag ons klere van twee verskillende materiale dra? Mag daar twee gewasse in een bedding geplant word? Mag ons varkvleis eet? Moet ons nie eerder die Saterdag-sabbat onderhou nie? Moet ons besny word? Daar is sekere dinge wat in die Bybel teen 'n sekere agtergrond en met 'n spesifieke doel genoem word, maar in Christus vervul is en 'n nuwe betekenis gekry het.

Daar is seremoniële en burgerlike wette in die Ou Testament wat in Christus vervul is. 'n Nuwe bedeling het in Christus aangebreek. Elke Ou Testamentiese wet of voorskrif kan nie op ons afgedwing word bloot omdat dit in die Bybel staan nie. Die probleem lê daarin om te onderskei watter voorskrifte seremonieel van aard is en watter nie. Ook in daardie onderskeid gaan die plek wat Christus in die Skrif inneem, bepalend wees en sal die onderskeid tussen mense

se hantering van die Skrif, ook daarin duidelik gemaak word.

### Wat gee die deurslag: ideologie of teologie?

'n Mens se lewens- en wêreldbeskouing lê baie naby aan jou Skrifbeskouing, maar dit is nie heeltemal oorvleuelend nie. Iemand met 'n liberale lewensuitkyk sal heel waarskynlik ook 'n liberale Skrifbeskouing hê, terwyl die omgekeerde vir konserwatiewes waar is. Dit is egter nie 'n vaste reël wat 'n mens waarneem nie. Soms verbaas iemand aan die polities konserwatiewe kant jou met 'n baie liberale Skrifbeskouing.

**Daarom is die groot vraag: Wat het prioriteit, gesag in jou lewe – die ideologie of die teologie, die politiek of die geloof? Dit wil voorkom asof die meerderheid mense voorrang verleen aan die ideologie bo die teologie – jou lewens- en wêreldbeskouing heers oor en bepaal jou Skrifbeskouing. Maar dit is nie hoe dit moet wees nie.**

### Waaroor moet dit ten diepste gaan?

Dit lyk of die kernpunt waaroor alles gaan, neerkom op die voorrang wat óf God, óf die mens, in jou lewens- en wêreldbeskouing en Skrifbeskouing het. Wat is jou bron van gesag?

Die sentrale idee van die humanisme is dat die mens en welwillendheid die middelpunt van jou bestaan uitmaak. Daar is plek vir godsdienstigheid en selfs vir G(g)oddelike inspraak, maar die mens is uiteindelik sy eie gesagsbron. Liberalisme se sentrale idee is vryheid, selfs ook vryheid van God, as jý dit so verkies. Maar, as jy aan God behoort en Hy daarom die middelpunt van jou bestaan is en jy Hom as gesagsbron erken, lyk dinge baie anders as wanneer die méns die middelpunt van alles is.

Hoe bepaal 'n mens wat die gesagsbron is? Hier kom Skrifbeskouing ter sprake. Die Bybel se gesag is vir eeue deur Christene aanvaar. Betwyfeling van die Bybel (en veral die kerk se afgeleide gesag) was by tye met die dood strafbaar. Veral die Roomse Kerk het haar hieraan skuldig gemaak. Hierin kan 'n mens juis die gevaar sien, wat tereg gesien moet word: As mense foute maak en verkeerd optree, maar hulself met Goddelike gesag probeer dek, skep dit probleme wat uiteindelik na ander mense se siening oor God deurtrek. Die aftakeling van die regte Skrifbeskouing het dalk baie te doen met die sonde wat mense onder die dekmantel van geloof gedoen het, en steeds doen.

Die Bybel is 'n godsdienstige geskrif. As 'n mens dit sê, sal alle mense waarskynlik saamstem. Maar, as jy sê die Bybel is van Goddelike oorsprong, sal baie mense nie meer saamstem nie. Dit is hier waar Skrifbeskouing tot op die been ontbloot word vir wat dit is. Sien jy die Bybel as God se woord? Of is dit vir jou mensewoorde oor God? Is dit God wat Homself aan mense deur die eeue openbaar, of bevat die Bybel bloot mense se eeueoue nadenke en belewenisse van hul godsdiens?

### Betwyfeling van die Goddelikheid van die Woord

Mense se uitgesproke twyfel oor die Goddelike oorsprong van die Woord het in die laaste twee tot drie eeue geweldig verskerp. In elke nuwe dekade neem dit in felheid toe. Om God se woord te betwyfel, is egter nie iets nuuts nie. In die Paradys het die slang Eva onkant gevang met die volgende vraag en verdraaiing:

> ***... Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?* (Gén. 3:1).**

Hierin lê waarskynlik die wortel van alle twyfel oor die gesag van die Bybel.

### Die oortuiging dat die Bybel God se woord is

Ons belydeniserfenis sê dat ons nie die gesag van die Skrif hoef te verdedig nie. Agter die Bybelskrywers en hul werk is die inspirasie deur die Heilige Gees. Dit is nie mense wat uit hulself besluit het om hul eie of die mense van hulle tyd se belewenis van God neer te pen nie, dit is die Heilige Gees wat deur hulle spreek. Daarom is God die eintlike Outeur van die Bybel – dit is die geïnspireerde Woord van God (vgl. bv. 2 Petr. 1:16-21; 2 Tim. 3:16-17).

Vandag sê mense dat dit mense, kerke en kerkvergaderings is wat aan die Bybel gesag verleen het. In ons belydeniserfenis getuig ons juis saam met gelowiges deur die eeue dat die Bybel se gesag nie van mense kom nie. Die Heilige Gees getuig in ons harte dat dit van God is. Die boeke van die Bybel het ook die bewys van gesagvolheid in hulself

1. Leraar van die AP Kerk Pretoria-Oos.

"aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is" (NGB art. 5). Die Bybel is anders as enige ander menslike geskrif, maar dit is deur mense oorgedra omdat God met mense kommunikeer. In die erkenning van die gesag van die Bybel gaan 'n mens die Bybel intensief bestudeer, maar dit nie soos 'n gewone menslike geskrif hanteer nie (vgl. ook NGB art. 2-7).

Die Bybel sal uiteraard 'n ander boodskap gee as dit bloot as 'n antieke menslike geskrif bestudeer word. Die fondament van die Bybel val in so 'n beskouing uit. Dan is dit op dieselfde vlak met ander antieke en godsdienstige geskrifte van ander kulture.

### Waar staan ons dan vandag?

Dit is 'n belangrike vraag. Kyk ons op na die Skrif, of kyk ons af op die Skrif?

In die AP Kerk kyk ons op na die Skrif. Ons erken God se gesag in die Bybel. Dit is God wat spreek in mensetaal. Die klem is nie op die mensetaal en die mensewerk nie. Wie die Bybel aantas, tas God aan, want Hy openbaar Homself in die Skrif aan ons. Wanneer ons Bybel lees, hoor ons: "So spreek die Here."

Baie mense en baie kerkverbande kyk teen die Bybel as mensewerk vas. Daarmee kyk hulle af op die Bybel. As jy God as die eintlike Outeur van die Bybel uit die oog verloor, kan jy nie meer opkyk na die Bybel nie. As jy afkyk op die Bybel, het jy jouself verhef tot 'n god in jou eie oë. Dit is 'n baie gevaarlike posisie waarin jy jouself dan stel.

### Merkers van 'n begronde Skrifbeskouing


- Die Bybel is die geïnspireerde Woord van God. Die inspirasie is organies waar die Here elke Bybelskrywer se persoonlikheid, talente, styl, in diens neem. Die omstandighede waarin die Bybelskrywer optree, dra die teken dat die Here se woord vir alle tye en omstandighede toepaslik is (vgl. bv. 2 Sam. 23:2; Pred. 12:11; Jer. 36:2; 2 Kor. 2:17; 2 Petr. 1:16-21).
- Die Bybel is die onfeilbare, foutlose Woord van God. Dit is die weg tot saligheid. Dit dui God se pad na die koninkryk onfeilbaar aan. God openbaar sy wil onfeilbaar aan ons (vgl. bv. Joh. 1:1-5, 11-14; Joh. 20:29-31, 1 Joh. 5:9-13).
- Alles in die Skrif wys heen na Christus. In sy gesprek met die Émmaüsgangers lees ons:

  *En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het* (Lk. 24:27).

  By die verskyning aan die dissipels ná die opstanding, sê Hy vir hulle: ... *Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan* (Lk. 24:44-45). (Vgl. ook 2 Kor. 2:2; Joh. 5:30-47.)
- Die Bybel het Goddelike gesag. As geïnspireerde openbaring van God, is die Bybel die gesagvolle Woord van God wat al die mens se omstandighede, node en versugtinge aanspreek. Ons luister met eerbied, want God spreek (vgl. 1 Sam. 3:9-10).
- Die Bybel is noodsaaklik. Sonder die Bybel sal ons nooit God in sy reddende heerlikheid leer ken nie. Die openbaring in die natuur is nie genoeg om ons tot saligheid te lei nie. Sonder die Woord wat van God se Seun, Jesus Christus, getuig, kan ons nie by die Vader kom nie (vgl. Joh. 14:6).
- Die Woord van God is duidelik. Al is die dieptes van die Woord onpeilbaar en al kan ons nie alles met ons klein menslike verstand uitredeneer nie, is die boodskap van verlossing so duidelik dat klein kindertjies dit kan verstaan. Psalm 36:10: ... *in u lig sien ons die lig.*
- Die Bybel is genoegsaam. Dit bevat die wil van God volkome en leer alles wat ons moet glo, genoegsaam. Ons het niks meer en niks minder as die Bybel vir ons saligheid nodig nie. Ons voeg nie tot die Bybel toe of neem daarvan weg nie (vgl. Openb. 22:17-19). Ons stel dit nie gelyk met menslike geskrifte nie. Ons verwerp alles wat nie daarmee ooreenkom nie (vgl. Gal. 1:8).

Wat word van gelowiges gevra? 'n Konsekwente, korrekte Skrifbeskouing op die voorgrond van ons gedagtes, as rigsnoer vir ons hele lewe! Ons moenie die Bybel deur ons ideologiese of politieke bril verstaan nie. Ons moet elke aspek van ons lewe onder die gesag van God se Woord stel.

# BYBELWOORDBLOK: DIE RAAISEL OPGELOS




*Die beste genesing vir ons sorge, is om in 'n rustelose nag aan jou danksegginge vir al die Here se seëninge van die verlede te dink.*

JOHANNES CALVYN

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR

*Erkenning: Dr. S Botes, "September," in* Kerkjaarboek 2017

## Leidrade uit Psalm 77

### Dwars

2. Die vroeëre geskiedenis (v. 6)
5. Naam van digter wat tot God roep (v. 1)
6. Om ontsteld te wees (v. 5)
8. Dit is dof, fyn, hees of kragtig (v. 2)
12. Om te bemoedig (v. 3)
13. Ernstig na te dink (v. 4)
15. Met aandag te hoor (v. 2)
16. Om te versuim (v. 10)
19. Die waters het gesidder (v. 17)
22. Dui op baie jare gelede (v. 6)
25. Musiek met snaarinstrumente (v. 7)
27. Hy lei God se volk (v. 21)
29. Om na te speur (v. 7)
30. Hulle giet water uit (v. 18)

### Af

1. Sy nageslag is verlos (v. 16)
2. Geblits (v. 19)
3. Jou innerlike menswees (v. 7)
4. Onwillig wees (v. 3)
7. Tyd wanneer digter sy hand uitstrek (v. 3)
8. Die kudde van God (v. 21)
9. God se mag aan die volke bekend gemaak (v. 15)
10. Dui op slaaploosheid (v. 5)
11. God se verbond (v. 9)
14. Onsigbaar vir mense (v. 20)
16. Om te treur, te kwyn (v. 4)
17. Hy doen wonders (v. 12)
18. God se gramskap (v. 10)
20. Weerligstrale (v. 19)
21. Buitengewone dade (v. 12)
23. Om te vervreem (v. 8)
24. Dit het nie moeg geword nie (v. 3)
25. Om te sug voor God (v. 4)
26. Hulle leer God se mag ken (v. 15)
28. Dit ervaar geen vertroosting nie (v. 3)



# Waartoe lei 'n bedenklike Skrifbeskouing?

**Ds. Attie Boshoff**[1]

**Skrifbeskouing is die termometer wat wys wat die temperatuur in 'n kerkverband en in die samelewing is, of God en sy Woord as gesagsbron erken word, en of die mens, kultuur en die tydsgees as gesagsbron of mede-gesagsbron beskou word. Baie mense (en kerkverbande) erken die Bybel as waardevol, as gesagsbron, maar plaas die mens op dieselfde, of hoër vlak as die Bybel. Die Bybel word steeds gebruik, maar uiteindelik raak 'n ander interpretasie as dit wat in die Bybel staan, moontlik.**

Hoe lyk die kerk en die samelewing wanneer 'n bedenklike Skrifbeskouing die oorhand kry? Enkele voorbeelde wys waar die onderrok begin uithang:

- In sy artikel, "Op watter tak? Iets oor die standpunte rondom Skrifbeskouing by die NG Kerk gedurende die afgelope 50 jaar"[2] beskryf prof. Dolf Brits breedvoerig hoe standpunte rondom Skrifbeskouing die afgelope vyf dekades in die NG Kerk verander het.
- 'n Bekommerde lidmaat skryf oor sy kerk: "Ek voel nie meer tuis in die kerk nie. Die dominee het in sy preek verduidelik dat alle mense – ook die in ander gelowe – uiteindelik gered sal word. Dit was die laaste keer dat ek kerk toe gegaan het."[3] Hy gaan voort: "Dit was vir my aanvanklik moeilik om te verstaan waaroor dit gaan, maar gelukkig kom ek af op 'n artikel van Julian Muller waarin hy 'n 'nuwe wêreldbeeld', panenteïsme, bepleit omdat die ou teïstiese wêreldbeeld volgens hom nie meer voldoende is vir die postmoderne mens nie."[4]
- 'n Hele aantal skrywers (o.a. ds. Gideon Aggenbach, emerituspredikant van die AP Kerk) het meegewerk aan 'n boek wat in 2010 verskyn het, *Die Trojaanse Perd in die NG Kerk – die kanker van evolusie en liberalisme*. Dit behandel temas soos: "Die ommekeer in Skrifbeskouing", "Gevolge van verkeerde besluite aangaande Skrifbeskouing", "Homoseksualiteit" ('n voorbeeld van die heersende manier van Skrifuitleg), "Die huwelik in die spervuur", ensovoorts. *Die Kerkbode* het heelwat artikels wat oor homoseksualiteit handel en staaf wat in 2010 in *Die Trojaanse Perd* beskryf word.[5]
- Dr. Ben du Toit se boek, *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* word in 2000 met die Andrew Murrayprys vir Afrikaanse teologiese publikasies bekroon. Die wegbeweeg van 'n begronde Skrifbeskouing maak dat 'n mens uiteindelik jou geloof verloor. Ben du Toit skryf in 2006, *Sprakeloos oor God: Hoe bly ek glo in 'n vreemde wêreld?* en ook in 2020, *God. Is daar 'n ander antwoord? 'n Bevrydende reis.*[6]
- Prof. Andries van Aarde sê: "Ek onthou hoe ek as kerkjeugleier in my matriekjaar vir my maats in die kerklike jeugvereniging Karl Barth se Skrifbeskouing probeer verduidelik het. Hierdie insig was die gevolg van my lees van artikels in die Hervormde Kerk se nuusblad, *Die Hervormer*. Die Bybel is nie sommerso gelyk te stel aan 'God se Woord' nie. My eerste formele BD-tesis in die teologiese studiejare het gehandel oor watter saligsprekinge in die Bergrede na Jesus teruggaan en watter waarskynlik nie. Hierdie tipe kritiese uitleg was deel van my mondering."[7] Hy is een van die prominente figure wat teologiese navorsing en die opleiding van predikante in Pretoria beïnvloed. Hy is die skrywer van *Fatherless in Galilee,* wat in 2001 verskyn het.

- In 2022 publiseer Johan Retief sy boek, *Die slegte nuus van die Evangelie. My reis na verlossing.*[8] Hy skryf ook oor sy "wedergeboorte" tot ongeloof en hoe hierdie "wedergeboorte" hom bevry het van "religieuse depressie".[9] George Claassen resenseer die boek en beskryf hierdie bevryding as "asemrowend".

Die uiteindelike gevolge van 'n bedenklike Skrifbeskouing is twyfel oor God as Skepper, die werklikheid van wonderwerke, Jesus se maagdelike geboorte, die opstanding en hemelvaart. Uiteindelik lei hierdie twyfel tot ongeloof.

Is nadenke oor Skrifbeskouing vervelig, onbelangrik, nie op ons van toepassing nie? Is besinning oor kerke se Skrifbeskouing onnodig? Absoluut nie. Uiteindelik hang geloof en saligheid hiervan af. Daarom moet die termometer van kerk en samelewing dikwels gekalibreer word. Mag ons vas bly staan op die fondament dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is (vgl. Mt. 16:16). Mag ons ook versterk word deur die versekering dat die poorte van die doderyk nooit die kerk (of die belydenis van wie Christus is) sal oorweldig nie (vgl. Mt. 16:18).

1. Leraar van die AP Kerk Pretoria-Oos.
2. https://bit.ly/4dkUOzY
3. https://bit.ly/4flfAkL
4. https://bit.ly/4bYTRw4
5. https://bit.ly/3LJtIqj; https://bit.ly/3A50lfG; https://bit.ly/4d0Psd8
6. Lees ook resensies van hierdie boek by https://bit.ly/3SvyFHc en https://bit.ly/3ytjlUt
7. https://bit.ly/4d3KmwU
8. Kyk ook na die resensie oor hierdie boek op LitNET: https://bit.ly/3Sskqms
9. https://bit.ly/4fos7Uj en https://bit.ly/46ozZ4e

**KBS-VERKLARING**

# *Sport of Spot:* Olimpiese Spele 2024




Saam met Christene dwarsoor die wêreld veroordeel die AP Kerk die aanstootlike gebeure gedurende die openingseremonie van die Olimpiese Spele in Parys (Frankryk) op 26 Julie 2024. Dit was duidelik dat die organiseerders hierdie geleentheid, wat wye mediadekking geniet, gebruik het om die politieke agenda van die LGBTQIA+-gemeenskap te bevorder. Die fokus van die spele behoort op die skoonheid van sport te wees en moenie geslagsverwarring propageer nie (vgl. Kol. 3:23).

**Hoewel die organiseerders verskoning gevra het vir moontlike aanstoot, het hulle dit duidelik gemaak dat hulle die waardes waarmee hulle assosieer, ten toon gestel en gepropageer het.**

Ten spyte van die aanstoot, staan hulle dus by die waardes wat uitgebeeld is. Dit is egter meer as aanstoot, aangesien dit indruis teen die Bybelse waarheid dat die eer van God vir Christene die hoogste prioriteit moet wees! Groter as die menslike emosies wat ontketen word, is die feit dat die lewende God Hom nie laat bespot nie (vgl. Gal. 6:7).

Onder die dekmantel van inklusiwiteit, het mans in vroueklere ("drag queens") deel gevorm van die vermaaklikheidskunstenaars wat in die optog en uiteindelik aan 'n tablo deelgeneem het. Die Bybelse beginsel is dat ook kleredrag die Bybelse rolle van mans en vroue sal eerbiedig, sonder om die Godgegewe rolverdeling tussen mans en vroue te ondermyn (vgl. Deut. 22:5). Sulke praktyke is in die lig van die Bybel ongeoorloof, waar God die onderskeid tussen die geslagte en die huwelik tussen een man en een vrou as norm voorhou. Die heiligheid van die huwelik

Vervolg op bl. 24 »



# Gereformeerde kerke en volke[1]

**Josef du Toit**[2]

**Twee volke wat tydens die Reformasie reeds bestaan het, het veral oorweldigend gereformeerd geword met 'n kenmerkende kultuurdeurweking daarby – die Nederlanders en die Skotte. Weliswaar was daar op die onderskeie hoogtepunte van die Reformasie in dié twee lande steeds 'n oorblyfsel Rooms-Katolieke.**

Twee volke wat egter ná die Reformasie uit Nederland en Skotland tot stand gekom het, was tot so 'n mate uit die Reformasie gebore dat hul volksbestaan deur sommige selfs direk met die gereformeerde geloof verbind word: die Ulster-Skotte (oftewel Skotse Iere) van Noord-Ierland en die Boere-Afrikaners van Suidelike Afrika.

Wat Bybels-gereformeerde invloed betref, het dit in al vier genoemde volke intussen werklik laaggety geword. Ten spyte hiervan, bly vergelykende studies tussen hierdie vier volke van waarde. Een so 'n studie toon die vermenigvuldiging van gereformeerde kerkverbande wat uit hierdie kulture tot stand gekom het. Dit blyk dat hoe meer onbybels 'n eens gereformeerde volk word, hoe groter is die neiging tot die afstigting van nuwe kerkverbande wat Skrifgetrou wil bly. Natuurlik is sommige afstigtings ook 'n poging om bestaande Bybelse beginsels omver te gooi. Daarby is dit opmerklik dat latere afstigtings heel selde by vroeëre afstigtings van dieselfde kerkverband aansluit, soms ten spyte van oënskynlik oorbrugbare verskille.

Die telling vir gereformeerde kerkverbande vir die Ulster-Skotte staan op vyf en vir die Skotte op sewe. Op die oomblik is daar onder Boere-Afrikaners nie minder nie as nege, en vir die Nederlanders is die getal tans tien.[3]

Die troos bly natuurlik dat buite die kerkverbandelike strukture om en deur die kerkverbandelike strukture heen, daar altyd eenheid in waarheid onder die kinders van die Here sal wees (vgl. Christus se gebed in Joh. 17). Maar hoe vind dit in praktyk plaas? *Verzuiling* en modaliteitsvorming in ons stamland Nederland kan hier leersaam wees.

### *Verzuiling*[4]

*Verzuiling* of groepvorming kom in baie lande voor waar meerdere volkskulture woon (bv. Suid-Afrika tydens Afsonderlike Ontwikkeling, Amerika, Noord-Ierland, Siprus, Libanon, Maleisië, Switserland). Dit kom selfs tot uiting in maatskaplik-ekonomiese verdelings (bv. Indië en Victoriaanse Engeland). Die term word die sterkste met veral België en Nederland vereenselwig.

Vanuit gereformeerde Boere-Afrikaners se oogpunt, is *verzuiling* in Nederland belangrik. Die *verzuiling*-landskap berus hier by uitstek op lewensbeskouing, en juis op Reformatoriese gronde, naamlik Kuyper se gedagte van "soewereiniteit in eie kring"[5] (dat elke groep sy eie gesag het). Van belang is die groep van "bevindelike gereformeerdes" (toe-eiening van heil met hart en hoof), die behoudende gereformeerde volksdeel in Nederland. Bevindelike gereformeerdes woon selfs meestal in 'n eie gebied bekend as die "Bybelgordel", 'n voorbeeld van "konsentrasiepolitiek" op behoudende gereformeerde grondslag.

Soos per definisie in *verzuiling* gebeur, het ook hierdie groep sy eie koerant (Reformatorisch Dagblad), onderwysinstellings (o.m. Vereniging voor Gereformeerde Skoolonderwijs), radiostasie (Reformatorisch Omroep), politieke party (Staatkundig Gereformeerde Partij), Bybelgenootskap

(Gereformeerde Bijbelstichting), vakbond (Reformatorisch Maatschappelijke Unie), versorgingsinstellings (bv. Reformatoriche Stichting Thuiszorg).

Aan die een kant verskans bevindelike gereformeerdes hulself met eie *verzuiling* teen anti-Christelike drukgroepe.

> **Terselfdertyd bewerkstellig hulle ook daardie broederlike eenheid in dr. DF Malan se bekende uitspraak: "Bring bymekaar wat uit innerlike oortuiging by mekaar hoort", 'n eggo van Psalm 133:1b: *Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon!***

Waar kom die broederlike eenheid in? Neem in ag dat 'n bevindelike gereformeerde *verzuiling*-instelling soos die Gereformeerde Bijbelstichting, in sy bestuur gelyke verteenwoordiging uit vier kerkverbande het, sowel as van 'n modaliteit (deel) van 'n ander kerkverband. Dieselfde geld gewoonlik van ander sodanige instellings. *Verzuiling* bewerk eenheid in waarheid oor kerkgrense heen waar die instellingsdoel dit moontlik maak, ten spyte van belangrike verskille tussen kerkverbande.

## Modaliteitsvorming

Kerklike modaliteit is eweneens iets wat veral (alhoewel nie uitsluitlik nie) by Nederlandse Reformatoriese kerkverbande voorkom. Dit gaan meestal oor verontrusting by 'n minderheid in 'n kerkverband oor die deformatoriese rigting waarin beweeg word. Die funksionering behels dikwels 'n eie kerkblad (anders as die kerkverband se mondstuk) en berade waaruit afsonderlike kerklewe duidelik blyk. Plaaslike kerkrade wat met 'n bepaalde modaliteit vereenselwig, sal net predikante beroep wat eweneens hulself by daardie modaliteit tuis voel.

Die bekendste voorbeeld is die Gereformeerde Bond in de Protestantse Kerk in Nederland (1906). Ook binne die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland is daar 'n behoudende modaliteit rondom die kerkblad *Bewaar het Pand*. Die blad val volledig in die bevindelike gereformeerde *zuil* en leidende figure daaruit speel 'n belangrike rol in baie sodanige instellings, soos die Staatkundig Gereformeerde Partij en die Gereformeerde Bijbelstichting. In Suid-Afrika is daar 'n voorbeeld van modaliteitsvorming in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, naamlik die modaliteit wat eerstens die Kairos Netwerk genoem is en later aanleiding gegee het tot die Koinonia Sinode.

Daar bestaan ten minste een voorbeeld van 'n modaliteit wat ná baie jare uiteindelik uit sy kerkverband gedruk is en so 'n nuwe kerkverband daargestel het (Hersteld Hervormde Kerk), naamlik die modaliteit rondom die kerkblad *Het Gekrookte Riet*, wat in die voormalige Nederlandse Hervormde Kerk bestaan het (tans Protestantse Kerk in Nederland).

Soos by *verzuiling*, is daar by modaliteitsvorming twee uiteenlopende gevolge. Enersyds, verskansing teen druk en invloed tot deformasie in die kerkverband (waar daar gemeen word dat getuienis in die kerkverband steeds moontlik is). Andersyds kan modaliteitsvorming behoudendes in verloopte kerkverbande in staat stel om eendragtig as modaliteit deur *verzuiling*, met ander behoudendes in ander kerkverbande eenheid in waarheid (waar dit bestaan!) uit te leef.

---

1. Redaksioneel verkort. Oorspronklike artikel: https://www.apa.ac.za/kerke/
2. Lidmaat van die AP Kerk Pretoria-Oos.
3. **Ulster-Skotte van Noord-Ierland:** Presbyterian Church in Ireland (1691), Reformed Presbyterian Church of Ireland (1811), Non-Subscribing Presbyterian Church of Ireland (1910), Evangelical Presbyterian Church (1927), Free Presbyterian Church of Ulster (1951).

   **Skotte:** Church of Scotland (1560), Reformed Presbyterian Church of Scotland (1690), Free Church of Scotland (1843), Free Presbyterian Church of Scotland (1893), United Free Church of Scotland (1900), Associated Presbyterian Churches (1989), Free Church of Scotland (Continuing) (2000).

   **Boere-Afrikaners in Suidelike Afrika:** Nederduitse Gereformeerde Kerk (1824), Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1853), Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1859), Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (1944), Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1949), Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1950), Afrikaanse Protestantse Kerk (1987), Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (2013), Gereformeerde Kerke in Namibië (2016).

   **Nederlanders:** Protestantse Kerk in Nederland (1571), Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (1892), Gereformeerde Gemeenten (1907), Nederlandse Gereformeerde Kerken (1944), Oud Gereformeerde Gemeenten in Nederland (1948), Gereformeerde Gemeenten in Nederland (1953), De Gereformeerde Kerken in Nederland (Hersteld) (2003), Hersteld Hervormde Kerk (2004), Voortgezette Gereformeerde Kerken in Nederland (2004), Gereformeerde Kerken Nederland (2009).
4. Redaksioneel: 'n Nederlandse term wat verwys na die verdeling van vn samelewing in groepe (*zuilen*, of ook "pilare") op ideologiese of godsdienstige basis.
5. Vgl. https://bit.ly/4doBj9s
6. Gereformeerde Gemeenten, Oud Gereformeerde Gemeenten in Nederland, Gereformeerde Gemeenten in Nederland, Hersteld Hervormde Kerk, en die modaliteit Bewaar het Pand in die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland.

Vervolg op bl. 24 ❯❯



# Ampsbeskouing

**Ds. Willem van Schalkwyk**[1]

**Die ampsbeskouing van die AP kerkverband vind sy begronding in die Woord van God. Deur sy genade het die Here die Hervorming in die 16de eeu beskik en só is die gereformeerde verstaan van die Skrif gebore. Die gereformeerde ampsbeskouing is duidelik uit die Skrif afgelei en AP kerke streef daarna om so na as moontlik aan die Skrifwaarhede te bly. Dit is belangrik om te verstaan dat 'n kerk se Skrifbeskouing bepalend vir haar ampsbeskouing is.[2] Volgens ons ampsbeskouing vra AP kerke nie wat hedendaags prakties of beter gaan werk nie, maar eerder: Wat sê God in sy Woord daaroor?**

Hierdie artikel gaan slegs enkele beginsels van ons ampsbeskouing hanteer.

## Drie ampte ingestel

In die gereformeerde kerke ken ons veral drie ampte, naamlik ouderling, leraar en diaken. Ons lees op verskeie plekke in die Woord dat die onderskeie ampte in die gemeentes gefunksioneer het:

- **Ouderlinge:** Handelinge 11:30; 14:23; 1 Petrus 5:1.
- **Bedienaars van die Woord:** 1 Timótheüs 5:17. Hierdie ouderling is ook geregtig op vergoeding (v. 18).
- **Diakens:** Handelinge 6:1-7; 1 Timótheüs 3:8-10.

Omdat die Bybel God se wil vir sy kerk bevat, glo ons dat dit die Here is wat die ampte in die kerk ingestel en die ampswerk gedefinieer het (vgl. Efés. 4:11-12). Wanneer ampsdraers dus in 'n plaaslike gemeente verkies word, is dit die Here wat daardie broeders deur die gemeente roep om in sy diens te staan. Galásiërs 1:1 sê dat Paulus 'n apostel is, nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus. In die AP kerkverband handhaaf ons die drie ampte soos wat die Here dit ingestel het. Ook die ampsopdrag word vanuit die Skrif afgelei en prakties in die plaaslike kerk toegepas:

- Die **ouderlinge** is verantwoordelik vir die opsig en versorging van die gemeente (vgl. Hand. 20:28; 1 Thes. 5:12; 1 Petr. 5:1-3).
- Die **leraar** is 'n ouderling wat arbei in Woord en leer. Sy dienswerk verskil van dié van die ouderlinge daarin dat hy spesifiek gemoeid is met die Woordverkondiging (vgl. 1 Tim. 5:17).
- **Diakens** se wonderlike roeping is die versorging van die noodlydendes en om die gemeente tot liefdesdiens aan te spoor (vgl. Hand. 6:1-7).

## Manlike lidmate

Vanuit die Skrif is dit baie duidelik dat ampsdraers manlike lidmate van die gemeente moet wees. Die enigste plek waar na 'n diakones (vroulike vorm van die Griekse woord *diakonos*) verwys word, is in Romeine 16:1, waar Fébé 'n "dienares" genoem word. Die gereformeerde verstaan van die Skrif was nog altyd dat Fébé nie in die amp van diaken gestaan het nie, maar op die een of ander wyse diens in die gemeente gedoen het. Deur die eeue was die werk van die susters in die gemeente onmisbaar.

Toe die liberale, histories-kritiese metode van Skrifverklaring in sommige kerke posgevat het, is geredeneer dat die beletsel op vroue in die amp slegs 'n tydgebonde saak is: In Paulus se tyd was vroue nie gereken nie en daarom mog hulle nie in die kerk praat of in die ampte dien nie. Vandag weet ons egter beter en weet ons dat vroue en mans gelyk is en daarom kan vroue ook in die ampte dien, word geredeneer. Hierdie standpunt trek eerstens die gesag van die Goddelike inspirasie van die Skrif in twyfel, want dan het Paulus sý idees in die Bybel ingeskryf

en is die Bybel nie meer Gód se Woord nie. Tweedens word die verbondsbeginsel, wat in die kerk moet heers, verontagsaam. Wanneer ons onbeskaamd glo dat die Bybel God se Woord en wil vir die kerk is, moet ons voor die waarheid van die Skrif buig.

Oral in die Bybel waar ampsdraers aangestel of waar hul opdrag uitgespel word, word die manlike woordvorm van die Griekse woord vir ouderlinge en diakens gebruik. In 1 Timótheüs 3:2 lees ons dat 'n opsiener (manlike woordvorm) 'n man van een vrou moet wees. Ook by die aanstelling van die sewe (diakens) wat die armeversorging moes behartig, was die opdrag dat dit mans moes wees (vgl. Hand. 6:3). Die Here sê dus dat ampsdraers mans moet wees. Volgens die verbondsbeginsel wat in die Skrif geleer word, is die man die hoof van die huis en dra hý die verantwoordelikheid om voor die Here rekenskap te gee van dit wat in die huis gebeur. In God se groter huishouding, die gemeente, werk dit óók so – die broeders staan voor die Here verantwoordelik vir die welwese van die gemeente (vgl. Hebr. 13:7; ook hier word die manlike woordvorm gebruik).

## Ampte gelyk

Voor die Hervorming was lidmate uitgelewer aan 'n ampsbeskouing waarin sommige ampsdraers (bv. die pous as hoof van die Roomse Kerk) belangriker as ander was. Ná die Hervorming is hierdie hiërargie uitgeroei en is die Bybelse beginsel van die gelykwaardigheid van die ampte heringestel. Dit beteken dat die drie ampte gelyke status besit, maar verskillend in dienswerk is. Die leraar is nie hoër as die ouderling en die ouderling hoër as die diaken nie. Volgens die Bybelse verstaan van die saak, is Christus die Hoof van die kerk/gemeente, terwyl die ampte op gelyke vlak onder Hom staan. Juis daarom is begrippe soos "hoofouderling" en "hoofdiaken" nie Bybels nie.

Ampsdraers het geen gesag vanuit hulself nie. Hulle is slegs organe/instrumente wat die gesag van Christus in die gemeente bedien. In die AP kerkverband probeer ons hierdie beginsel handhaaf. Daarom is daar drie verskillende vergaderings in die plaaslike kerke: die Diakonie, Ouderlingeraad en Kerkraad. Die diakonie hanteer barmhartigheid en liefdesdiens. Die ouderlingeraad hanteer alles wat met lidmaatskap te doen het: lidmaatskap, verbondsonderrig, belydenisaflegging, sakramente, tug, ensovoorts. Die kerkraad hanteer administrasie en finansies. Hierdie vergaderings is selfstandig en die een lewer nie verslag aan die ander nie.

## Ander gereformeerde kerke se ampsbeskouing

In die NG Kerk en die NHKA word vroue tot al die ampte toegelaat – 'n direkte uitvloeiing van hul Skrifbeskouing.

Dit blyk dat die GKSA nie meer die beginsel handhaaf dat die ampte gelyk is nie. By die GKSA kan vroue wel in die amp van diaken dien, maar nie as ouderling en leraar nie. Dit beteken dat die amp van diaken óf minderwaardig teenoor dié van ouderling en leraar is en daarom kan 'n vrou daarin dien, óf dit beteken dat die diakenamp nie regtig as 'n volwaardige amp in die kerk beskou word nie.

Die GHG (weggebreek uit die NHKA) en die Koinonia-gemeentes (dolerendes binne die NG Kerk) het groot beswaar oor die Skrifbeskouing van hul kerkverbande. Hulle eie Skrifbeskouing sal egter moet reformeer aangesien hulle steeds vroue in die amp het.

Om te verstaan hoe Skrifbeskouing die ampsbeskouing raak, kan gewys word op 'n verslag van die Algemene Kuratorium aan die Algemene Sinode van die NG Kerk 2019: "Besinning oor die ampte". 'n Aanhaling wys hoedat ander oorwegings swaarder as die Woord van God weeg wanneer oor die ampte gedink word: "Ons moet op geen manier die indruk probeer skep dat ons siening van die ampte 'n bloudruk uit die Bybel is nie. Ons gaan onsself help as ons erken dat: Die Bybel beslis ruimte maak vir ampte, spesiale diens en leierskap in die kerk. Dat die Bybel nie 'n bloudruk gee oor die verskillende ampte nie en dat daar meer voorbeelde en modelle van ampte in die Bybel is."[3]

Só 'n Skrifbeskouing gee aanleiding daartoe dat die kerk soos 'n besigheid bestuur word. Die Bybelse ampte word dan vervang met iets soos gemeenteleiers, bestuurspanne, belangegroepe, kleingroepleiers, ensovoorts.

---

1. Leraar van die AP Kerk Heilbron.
2. Lees gerus ds. Attie Boshoff se bydrae hieroor op bl. 8.
3. https://bit.ly/4d1s6V3



# Die sleutels van die hemelryk

**Ds. Jannie Bisschoff**[1]

**In Matthéüs 16:18-19 het die Here Jesus die sleutels van die koninkryk van die hemele aan Petrus toevertrou. Die bedoeling is dat Petrus (en by implikasie die ander dissipels en eindelik ook die kerk) die opdrag ontvang om die koninkryk van die hemele vir mense oop en toe te sluit.**

Hierdie "oop- en toesluit" is ten nouste verbind aan die belydenis wat Petrus vroeër in dieselfde gedeelte uitspreek, naamlik dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is. Die kerk het die roeping om hierdie heerlike evangelie aan mense uit te dra. Elkeen wat met 'n ware geloof die blye boodskap aanvaar dat God hul sondes ter wille van Christus se verdienste vergewe, ontvang die versekering dat die hemele vir hulle oopgesluit is. Op elkeen wat hom egter nie van harte bekeer nie, rus die toorn en oordeel van God solank die genade van God verwerp word (vgl. HK So. 31 v/a 84). Vir diesulkes word die koninkryk van die hemele toegesluit, tensy hulle tot bekering kom.

## Die erediens

Deel van die kerk se roeping is om hierdie sleutels met verantwoordelikheid te hanteer. Daarom is dit vir die AP Kerk belangrik om Skrifgetrou die evangelie te verkondig. Een van die geleenthede waar dit plaasvind, is tydens die erediens. Anders as wat sommige mense dink, is die preek nie die enigste belangrike deel van die erediens nie. Die hele erediens is 'n ontmoeting met God waar Hy spreek en die gemeente antwoord.

Daarom staan God sentraal in die erediens en nie die mens se voorkeure en gemak nie. Dit bepaal natuurlik die aard van die erediens. Aangesien die erediens op die verheerliking en aanbidding van God gerig is, bepaal Hy die verloop van die liturgie (die wyse waarop die erediens ingerig word) en nie menslike willekeur nie. God is nie 'n God van wanorde nie (vgl. 1 Kor. 14:33), daarom gee Hy van die begin af spesifieke voorskrifte aangaande die wyse waarop die mens tot Hom moet nader (soos ons baie duidelik in Exodus tot Deuteronómium sien). Omdat die Ou Testamentiese offers en tempeldiens in Christus vervul is, hou ons nie meer presies by die seremoniële voorskrifte nie. Tog strewe ons daarna om vanuit die Ou en Nuwe Testament beginsels af te lei en toe te pas, ook wat die inrigting van die erediens betref. Ons volg byvoorbeeld nie meer die uitgebreide voorskrifte in verband met die hoëpriesterlike gewaad nie (vgl. Ex. 28), maar ons verwag in die AP Kerk dat kerkraadslede met ampsdrag ('n donker pak met 'n wit das) die erediens sal bywoon om onder meer aan te toon dat God hulle, net soos die priester van ouds, vir 'n spesifieke diens afgesonder het. Paulus sê ook:

> *Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan* (1 Kor. 14:40).

Daarom is daar 'n vasgestelde liturgiese orde binne die AP Kerk waar God se spreke en die gemeente se antwoord gestruktureerd uiting vind.

Die gedagte dat die erediens God se vergadering is waar Hy met sy kinders praat, speel 'n belangrike rol in die wyse waarop sy Woord verkondig word. Daar word gepoog om in alle eerlikheid en opregtheid te kan sê: "So spreek die Here." Dit is slegs moontlik indien sy Woord wel die spreekwerk doen. Die prediking is nie daar om mooi stories of sedelesse aan die mense te bring, of om die prediker se eie sieninge oor te dra nie. Die doel van die prediking is om God se Woord uit te lê en op mense se lewens, vanuit die volle raad van God, toe te pas. Die prediker

moet byvoorbeeld daarteen waak om nie oorwegend die Evangelies en Psalms te laat spreek nie, maar die volle rykdom van die verskillende dele van God se Woord moet met verloop van tyd onder die loep kom.

Verder moet die prediking op Christus gerig wees. In die woorde van Paulus:

> ***... ons verkondig Christus wat gekruisig is* (1 Kor. 1:23).**

Sekerlik een van dié belangrikste (en soms moeilikste) dele van die prediking is om die lyne op ’n verantwoordbare wyse na Christus deur te trek. Indien die prediking nie op Christus gerig is nie, kan ons nie daarop aanspraak maak dat die evangelie verkondig is nie. Sonder Christus is die prediking hoogstens ’n opbouende praatjie of sedeles.

Tog moet mense gelei word om te besef dat hulle Christus nodig het. Dit is een van die redes waarom God se wet (die Tien Gebooie of ten minste die opsomming daarvan) deel van die liturgiese orde binne die AP Kerk vorm. Die wet is ons tugmeester na Christus toe (vgl. Gal. 3:24). Dit herinner ons telkens hoe groot ons sonde en verlorenheid is, sodat ons die verlossing in Christus des te meer in die geloof kan aangryp. Verder wys dit vir ons hoe ons uit dankbaarheid vir daardie ontsaglike verlossing tot eer van God kan lewe (vgl. HK So. 43 v/a 115).

## Die kerklike tug

Wanneer mense nie tot eer van God leef nie of in dwaalleer verval, dui die Here Jesus in Matthéüs 18:15-17 die weg aan wat ons moet volg. Die sondaar moet eers persoonlik vermaan word. Indien daar nie bekering is nie, word meer mense betrek en eindelik die hele gemeente. As daar steeds geen verbetering is nie, sê Christus, moet daardie persoon geag word as iemand wat buite God se koninkryk staan. Hierdeur lê Christus die beginsels van die kerklike tug neer as deel van die sleutelmag wat Hy in Matthéüs 16 aan die kerk toevertrou het. Indien die kerk versuim om die tug toe te pas, versaak sy haar roeping en kan sy nie meer as ’n ware kerk gereken word nie (vgl. NGB art. 29).

So is die erediens dan ook nie die enigste plek waar die sleutels van die hemelryk gebruik word nie. Elke gelowige het die roeping om tydig en ontydig die Woord te verkondig (vgl. 2 Tim. 4:2) en mense op te roep om Christus as Verlosser te erken en in die geloof te aanvaar.

## Verskille met ander gereformeerde kerke

Die Here waarsku ons deur Paulus: *daar sal ’n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ’n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid ...* (2 Tim. 4:3-4). Ons sien rondom ons hoe hierdie dinge gebeur en die gevaar is groot dat ons in dieselfde strik sal trap om mense te lok.

Ons roeping is om Skrifgetrou te bly, selfs wanneer kerke van gereformeerde oorsprong op plaaslike en nasionale vlak weier om die sonde en dwaalleer aan te spreek omdat die gesonde leer nie meer verdra word nie. Ons kan nie die meerderheid navolg wat die lees van die wet uit die erediens verban en die prediking in “goed-voel-boodskappe” laat ontaard, net omdat mense in die gehoor gestreel wil wees nie.

Ons bevind onsself in ’n samelewing waar die mens se voorkeure en gevoelens voorop staan en nie God en sy Woord nie. Mense luister daarom graag na predikers wat vir hulle sê wat hulle wil hoor. Hulle soek daardie kerke op waar die erediens menslike voorkeure dien eerder as om God se beginsels te volg. Nie om daardeur te beweer dat die AP Kerk se voorgeskrewe liturgiese orde die enigste korrekte wyse van aanbidding is nie. Liturgiese verskille op sigself is nie verkeerd nie, solank die beginsels vir die ordelike inrigting van die erediens gehandhaaf word.

Die boodskap van die verlossing deur Christus alleen was nog nooit gewild nie (vgl. 1 Kor. 1:18-25) aangesien dit die mens van die troon verwyder en alle eer aan God gee. Humanistiese goed-voel-boodskappe verwyder Christus van die troon. Laat ons daarna streef om getrou en verantwoordelik die sleutels van die hemelryk te gebruik soos wat Christus dit aan ons toevertrou het. Dit beteken dat ons mikpunt sal wees die suiwere verkondiging van die evangelie en die handhawing van die kerklike tug, ongeag wat die wêreld rondom ons daarvan mag dink.

---

1. Leraar van die AP Kerk Gordonia.



# Kerkbegrip en kerkregeringstelsel: ’n Praktiese uitleef van Skriftuurlike beginsels

**Ds. Greyling van Rooyen**[1]

Hoewel die terme “kerkbegrip” en “kerkregeringstelsel” nou verwant is, moet daar eers ’n onderskeid tussen hulle getref word. In die kerkreg is daar twee terme wat belangrik is vir die verstaan en interpretasie van die oorsprong en toepassing van ’n kerkregeringstelsel: *ius constituendum* en *ius constitutum*. Eenvoudig gestel verwys eersgenoemde na ’n Skrifbeginsel of -bepaling en laasgenoemde na die praktiese toepassing daarvan (kerkwees in praktyk). Die verskil tussen kerkbegrip en kerkregeringstelsel rus op die verskil tussen dié twee terme.

As ’n gereformeerde kerk vind ons die beginsels van ons kerkbegrip nêrens anders as in die Bybel nie. Gevolglik is ons kerkbegrip die *ius constituendum* van wat dit beteken om kerk van God te wees soos die Bybel dit leer. As ’n gereformeerde kerk streef ons ook na Skrifgetrouheid in die praktiese toepassing van die beginsels van ’n Skrifgegronde kerkbegrip. Ons kerkregeringstelsel is dus die *ius constitutum*, die praktiese toepassing van ons kerkbegrip.

## Kerkbegrip: Die beginsel van kerkwees

Omdat ons kerkbegrip op God se Skrifopenbaring gegrond is, is ons verstaan van wat dit beteken om kerk te wees, niks anders as wat die Bybel ons leer nie. Israel was reeds ’n skadu van die kerk en die vervulling daarvan het in die koms en werk van Christus plaasgevind. Die ware kerk is die eskatologiese (eindtydse) Israel en daarom die ware volk van God. Maar wat word beskou as die ware kerk en wie word daarby ingesluit? Dít maak die Nuwe Testament duidelik:

- Die kerk is meer as die volk Israel, dit is vir alle nasies bedoel (vgl. Mt. 28).
- Dit is die Godsvolk op weg deur die geskiedenis (vgl. Lk. 10).
- Die kerk bestaan uit mense wat volgelinge van Jesus Christus is (vgl. Mk. 8) en wat deur Hom in ’n verhouding met God leef.
- Die kerk is God se volk en die liggaam van Christus. Daarom moet dit gestalte vind in die wyse waarop gelowiges optree (vgl. Gal. 3:29; 6:15-16).
- Die kerk is God se huishouding wat ordelik funksioneer en ordelik bestuur moet word (vgl. die Pastorale briewe).

Ons kerkbegrip verwys dus na die geestelike gemeenskap van diegene wat God as sy volk en kinders geroep het en aan wie Hy deur sy genade die geloof tot redding op grond van Jesus Christus se soenverdienste geskenk het. Dit is die beginsel, of *ius constituendum* wat in die Woord gevind word.

## Kerkregeringstelsel: Die ordelike toepassing van kerkwees

Vanuit die vorige punt word gesien dat dit belangrik is dat kerkwees prakties en sigbaar gestalte vind in die wyse waarop ons as geloofsgemeenskap optree. Dit is waar ons kerkregeringstelsel ter sprake kom as praktiese toepassing van die beginsels van kerkwees. Kerkreg (of ’n kerkregeringstelsel) bepaal die bestaanswyse van die sigbare kerk op aarde: Hoe die kerk ingerig word, hoe sy bestuur word en die wyse waarvolgens die regering daarvan plaasvind. Verder handhaaf dit die orde in die kerk. Dit alles is Skriftuurlike beginsels.

In ons kerkverband word die Skriftuurlike beginsels rondom die praktiese uitleef, bestuur en funksionering van kerkwees in ons Kerkorde uiteengesit. Calvyn (1509-1564) is eintlik die vader van die gereformeerde kerkreg. Hy het uit die Skrif ’n eie en selfstandige kerkregering uitgewerk met die absolute soewereiniteit van God as grondbeginsel. Hiervolgens handhaaf ons ook dat Christus die Koning van sy kerk is en haar deur sy Woord en Gees regeer. In die sigbare gestalte van die kerk maak Hy egter van mense gebruik om sy gesag in die kerk te bedien, naamlik deur die ampte van ouderling, leraar en diaken.

Om die beginsels van gehoorsaamheid en orde binne die kerklike geloofsgemeenskap te handhaaf, word die tug toegepas. Die tug gaan eerstens oor die eer van God, tweedens oor die heil van die gemeente en derdens oor die behoud van die sondaar. Dit word benader soos 'n vader wat sy kind wil reghelp en nie soos die uitspraak van 'n wêreldse regter en hof nie. Die doel daarvan is om ooreenkomstig Skriftuurlike beginsels berou en bekering by die lidmaat wat in die sonde volhard, te bewerkstellig.

**Soortgelyk aan die voorbeelde oor die ampsdraers en die tug, is alle artikels en bepalings in die kerkorde daargestel met die oog op die praktiese toepassing en handhawing van 'n kerkregeringstelsel wat gegrond is op die Woord van God, met sy eer voor oë. Dit is dus geensins gebaseer op die wil of bepalings van mense nie.**

Om te verseker dat die kerk as liggaam van Christus ordelik funksioneer en bestuur word, word 'n presbiteriaal-sinodale stelsel in die AP Kerk gehandhaaf. Dié kerkregeringstelsel se kernuitgangspunt is dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is en dat sy gesag deur ampsdraers bedien word, terwyl hulle God se wil in alle kerklike besluite en handelinge vooropstel.

## Verskille in kerkbegrip en kerkregeringstelsel

Dit is so dat daar verskille bestaan tussen ons kerkbegrip en kerkregeringstelsel en dié van die ander gereformeerde kerke in ons land, naamlik die GKSA, NHKA, NG Kerk en die GHG. Een van die bekendste verskille handel natuurlik rondom wie as ampsdraers in die kerk kan dien. Die NHKA, NG Kerk en die GHG laat toe dat vroue leraars word, maar die GKSA en AP Kerk laat dit nie toe nie. Die GKSA en AP Kerk verskil egter ook aangesien die GKSA, alhoewel sy nie vroue as leraars toelaat nie, tog vroue in die amp toelaat.[2]

Nóg 'n aktuele punt is die handhawing van artikel 3 in die AP Kerk se Kerkorde. Soos beskryf word in *Skriflig op Kerk en Volk*, laat die Skrif ruimte vir 'n volkseie karakter van die kerk. Dit is binne dié ruimte wat die AP Kerk vir verskeie redes artikel 3 handhaaf. Die ander gereformeerde kerkverbande erken nie bogenoemde ruimte nie en bepleit 'n multikulturele benadering met klem op sigbare eenheid.

Laastens kan genoem word dat die kernuitgangspunt van die presbiteriaal-sinodale stelsel ook deur die kerkordes van die ander gereformeerde kerke onderskryf word. Die GKSA, NHKA en NG Kerk handhaaf dat Christus die enigste Hoof van die kerk is. Alhoewel dit nie noodwendig altyd in die praktyk so funksioneer nie, is al die gereformeerde kerke in die land se uitgangspunt anti-hiërargies teenoor die episkopaalse stelsel van onder meer die Rooms-Katolieke, Anglikaanse en Lutherse kerke, en anti-independentisties teenoor die independentistiese of kongregasionalistiese stelsels.

Verskille in kerkbegrip en kerkregeringstelsels is óf die gevolg van 'n verskil in die interpretasie van 'n Skrifbeginsel (*ius constituendum*), óf 'n verskil oor die toepassing daarvan (*ius constitutum*). Waar die verskille in die toepassing van 'n beginsel lê, is dit maklik om steeds met ander gereformeerde kerkverbande hande te vat.

Waar daar egter oor Skrifbeginsels verskil word, is dit nie so maklik nie. Daar is ons verantwoordelikheid tweërlei van aard. Eerstens moet ons selfondersoek doen ooreenkomstig die aard van gereformeerde kerkwees om seker te maak dat ons kerkbegrip en kerkregeringstelsel steeds met die Skrif ooreenstem. Tweedens het ons die verantwoordelikheid om ons broers en susters van die ander gereformeerde kerkverbande in liefde reg te help waar ons oortuig is dat hulle sekere Skriftuurlike beginsels verkeerd interpreteer.

Uiteindelik gaan dit tog vir die AP Kerk, as 'n gereformeerde kerk van Christus, soos vir Calvyn, daaroor dat die soewereine wil van die Koning van die kerk sal geskied. Aan Hom die eer!

1. Tans met studieverlof en nie aan 'n gemeente verbonde nie.
2. Let wel dat daar in hul geledere ook nie eensgesindheid oor die saak is nie.

**Bronnelys**


Beale, G.K. *A New Testament biblical theology: The unfolding of the Old Testament in the New*. Baker Books. 2011.

Dreyer, W.A. "Hermeneutiese perspektief op kerkwees". In *Theological Studies*. 72(5). 2016. 35-22.

Van Staden, F.A.H. "Studiegids: Kerkreg" (4de jaar). Ongepubliseerd.

Van Wyk, B.J. "Die Kerkorde en die kerklike reg in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die hand van die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip". Doktorale proefskrif. Universiteit van Pretoria. 2005.

Van Wyk, B.J. "Kerkbegrip en Kerkorde: 'n Vergelykende studie tussen die vier Afrikaanse gereformeerde kerke in Suid-Afrika". In *Stellenbosch Theological Journal*. (6). 2021. 141-170.



# Sakramentsbeskouing

**Ds. Ruan Combrink**[1]

**Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis erken suiwer sakramentsbediening as een van die drie merktekens van 'n ware kerk. Die kerk wat die sakramente (nagmaal, doop) bedien soos en omdat Christus dit ingestel het, identifiseer haarself as 'n ware kerk van Christus. Tog verskil Afrikaanse gereformeerde kerke oor hoe die sakramente bedien behoort te word.**

## Doopbediening

In Protestantse kringe is daar twee uiteenlopende beskouings oor die doop, naamlik 'n belydenisdoopbeskouing en 'n verbondsdoopbeskouing. Diegene wat die belydenisdoop aanhang, beskou die doop as teken van geloof in die verlossingswerk van Christus. Dié doop, ook bekend as "grootdoop", word slegs aan diegene wat belydenis van hul geloof in Christus kán aflê, bedien. Diegene wat die verbondsdoop aanhang, beskou die doop as verbondsteken en gevolglik word hul kinders as babatjies gedoop omdat hulle dan reeds deel van die verbond is.

> **AP kerke handhaaf die siening van die verbondsdoop. Die Abrahamitiese verbond sluit kinders in en elke manlike afstammeling moes op agt dae besny word as teken van die verbond (vgl. Gen. 17:9-12).**

Dit sê nie dat die ontvanger daarvan verlos is of 'n waarborg vir verlossing het nie, maar dat die kind deel is van die verbintenis wat God in bloed met Abraham en sy afstammelinge gesluit het en waarin Hy aan hulle sekere beloftes maak en eise stel. Verder is dit 'n treffende teken van die bloedige gevolge wat verbondsverbreking inhou en dus ook 'n vooruitskouing van die offer wat Christus sou bring om uitverkorenes van sonde te verlos.

Christus stel die doop in die Nuwe Testament in as die teken van die die Nuwe Verbond (vgl. Mt. 28:19). Elkeen wat in Hom glo, is nou kinders van Abraham (vgl. Gal. 3:7) en deel van die Nuwe Verbond. Christus het die finale, volkome offer gebring. Sy bloed het gevloei en in Hom is daar vir gelowiges afwassing van sonde – 'n afsterwe van die ou mens en die opstanding van 'n nuwe mens. Die doop vervang die besnydenis as teken van die nuwe verbond (vgl. Kol. 2:9-12). Waar die besnydenis vooruit wys na die kruis van Christus, wys die doop daarop terug. Elke babatjie wat in Israel besny is, was nie noodwendig uitverkore nie, insgelyks ook nie elke dopeling nie.

Op grond van die verbondsdoopbeskouing word babatjies sou gou moontlik ná geboorte, tydens 'n openbare erediens en voorafgegaan deur die Woordverkondiging, deur 'n geordende predikant in die Naam van die Drie-enige God gedoop. Kinders van gelowiges is immers deel van die verbond en die beloftes kom hulle ook toe (vgl. Hand. 2:38-39). Iemand wat nie as kind gedoop is nie en as volwassene tot bekering kom en by 'n AP Kerk aansluit, word as volwassene gedoop.

> **Die doop is 'n eenmalige gebeurtenis. God hoef nie sy beloftes te herhaal nie. Hy bly getrou en daarom verwerp AP kerke die wederdoop.**[2]

Die verbondsdoop is 'n teken en bevestiging van die belofte van die afwassing van sonde deur die bloed van Christus (vgl. 1 Joh. 1:7). Wie nie deur die werking van die Heilige Gees Christus as Verlosser bely nie, verwerp hierdie belofte en gaan in sonde verlore.

Die doopbeskouing van die GKSA, die NHKA en die GHG is grootliks dieselfde, hoewel die formuliere verskil. Wat die metode van doopbediening betref, is die simboliek van water vir tradisioneel gereformeerde kerke belangrik en nie die hoeveelheid daarvan nie. Die Kerkorde van die NG Kerk laat egter in artikel 49.1 ruimte vir die bediening van die doop, nie net deur leraars nie, maar ook deur proponente asook, by hoë uitsondering, buite die amptelike erediens.[3]

Dit blyk wel dat die praktyk van wederdoop in sommige gemeentes van die NG Kerk plaasvind.[4] Ná debatte oor die saak, reik die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS) van die Wes- en Suid-Kaapse Sinode 'n verklaring uit waarin die wederdoop afgewys word en predikante wat hulle daaraan skuldig maak, hul ooreenkoms met die kerk verbreek en afgedank kan word.

## Nagmaalsviering

Die nagmaalsbeskouing as verbondsmaaltyd word steeds deur AP kerke gehandhaaf, soos dit tradisioneel deur Afrikaanse gereformeerde kerke gehandhaaf is. Hiervolgens is die nagmaal in die Nuwe Verbond in die plek van die pasga ingestel.

> **Die brood en die wyn is sigbare waartekens en seëls van die liggaam en bloed van Christus (vgl. NGB art. 33).**

Die verskille tussen tradisioneel gereformeerde kerke lê nie soseer hierin nie, maar in die praktyk van nagmaalsbediening – die voorbereiding en toelating.

In die GKSA word daar aan die nagmaalstafel aangesit en Sinode 2000 keur die "Prinsipiële raamwerk ten opsigte van die wyse van Nagmaalsviering" goed, waarin sterk klem gelê word op die gebruik van gemeenskaplike drinkbekers.[5] Hoewel die raamwerk ook ruimte laat vir "alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk" in plaaslike gemeentes, word 'n beswaarskrif, wat die saak vir die uitsluitlike gebruik van die beker sterker stel, op Sinode 2003 grootliks goedgekeur.[6] In die Kerkorde van die GKSA word ook steeds na die "Rapport teen kelkies" verwys en die "Gemoedsbesware teen kelkies", wat op Sinode 1930 gedien het.[7] Toelating tot die nagmaal word beperk tot diegene wat volgens die gebruik van die plaaslike kerk, belydenis van die gereformeerde godsdiens doen, asook ander belydende lidmate van gemeentes van die GKSA wat goeie getuienis van 'n vrome lewenswandel besit (art. 62 van die Kerkorde van die GKSA).

Die NHKA en die GHG maak grootliks gebruik van 'n gemeenskaplike beker en lidmate wat aan die nagmaalstafel aansit. Aanvanklik is kelkies gebruik in die geval van lidmate met aansteeklike siektes, wat egter 'n meer algemene gebruik geword het. Nagmaalsviering in die NHKA word volgens die Kerkorde in 'n erediens, deur 'n predikant met gebruik van die formulier, gevier, maar kan ook "... ná goedkeuring van die kerkraadsvergadering buite die erediens bedien word met gebruikmaking van brood en wyn, Woordverkondiging en die formulier vir die nagmaal". Beide die NHKA en die GHG nooi lidmate van ander kerke uit, wat hul belydenisgrondslag deel, om aan die nagmaalsviering deel te neem, maar bedien nie nagmaal aan dooplidmate nie.[8]

In AP kerke word die nagmaal tydens 'n erediens deur 'n predikant ingestel, terwyl enkele lidmate (gewoonlik ouderlinge) aan die tafel aansit en van die beker gebruikmaak. Hiermee word die simboliek van die eenheid in die liggaam en bloed van Christus uitgebeeld (vgl. 1 Kor. 10:17). Ná die instelling van die brood en wyn onderskeidelik, word gebruikgemaak van bordjies en kelkies om lidmate in die kerkbanke te bedien. Die beker is beskikbaar vir lidmate wat verkies om daaruit te drink.

> **Nagmaal word nie aan dooplidmate bedien nie, aangesien hulle nie oor die vermoë beskik om grondige en ernstige selfondersoek ter voorbereiding vir die nagmaal te doen nie.**

1. Medeleraar van die AP Kerk Orania.
2. *Ontmoetingsgesprek*, 63.
3. *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 2023, 16.
4. https://bit.ly/3WJg7We; https://bit.ly/46vPEyP.
5. https://bit.ly/3AfQB20, 400-401.
6. https://bit.ly/3YnLGpW 531-539.
7. *Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, 31, 80.
8. *Kerkorde van die 73ste Algemene Kerkvergadering*, 2022, 58.

So word dooplidmate beskerm om ’n oordeel oor hulself te eet en te drink (vgl. 1 Kor. 11:27-29).

**AP kerke beperk nagmaalgebruik tot ongesensureerde belydende lidmate van die plaaslike gemeente en ongesensureerde lidmate van ander AP kerke en erkende gereformeerde kerke.**

Lidmate van ander gemeentes binne die AP kerkverband en van ander gereformeerde kerke, moet met goeie getuienis oor hul leer en lewenswandel by die plaaslike ouderlingeraad aansoek doen.[9]

Die gebruik in die NG Kerk is soortgelyk aan die praktyk van die AP kerkverband, met die belangrike verskil dat die NG Kerk wel toelaat dat nagmaal aan kinders bedien word. Ná die verslag “Kinders aan die nagmaalstafel” op Sinode 2004 dien, word besluit dat kinders onder sekere voorwaardes aan die nagmaal kan deelneem. Op Sinode 2023 word ’n verslag oor ouertoerusting vir hul kinders se eerste nagmaal ook goedgekeur.[10] Lidmate van die gemeente, besoekers uit ander NG kerke en besoekers uit ander kerke mag die nagmaal gebruik.[11]

9. Afrikaanse Protestantse Kerk: *Kerkorde 2023*, 46, 173.
10. *Handelinge van die 18de Algemene Sinode*, 2023, 57.
11. *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 2023, 16.

---

Vervolg vanaf bl. 15

## Gereformeerde kerke en volke

### Bid vir volk en kerk

Ons behoort sekerlik met ywer en sonder ophou vir volk en kerk te bid. ’n Besondere voorbeeld is Daniël se gebed vir volk en kerk: *Here, aan ons kom toe beskaming van die aangesig, aan ons konings, aan ons owerstes en aan ons vaders, omdat ons teen U gesondig het ... Hoor dan nou, onse God ... en laat ter wille van die Here u aangesig skyn oor u heiligdom wat woes lê. Neig u oor, my God, en hoor, open u oë en aanskou ons verwoeste plekke en die stad waar u Naam oor uitgeroep is; want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smekinge voor u aangesig neer nie, maar op grond van u grote barmhartigheid. Here, hoor! Here, vergeef! Here, merk op en doen dit ... want u Naam is oor u stad en u volk uitgeroep* (9:8, 17-19).

Vervolg vanaf bl. 13

## SPORT OF SPOT: OLIMPIESE SPELE 2024 (vervolg)

en die huweliksbed, waar God die mens só as sy beelddraer geskape het, is uitdagend in die opening gedegradeer tot perversiteit (vgl. Hebr. 13:4). Dit is duidelik dat die organiseerders die vuis gebal het vir die geskape orde en heiligheid van die lewende God (vgl. Rom. 1:18-28).

Die organiseerders beskryf hul voorstellings met woorde soos “feestelik” en verdedig só die gebruik van ’n halfnaakte man, wat die Griekse wyngod Dionisus, voorstel. Volgens die programorganiseerder, Thomas Jolly, wou hulle ’n “heidense partytjie” wat aan die Griekse godedom, Olimpus, verbind kan word, uitbeeld.

**“In Frankryk is almal vry om lief te hê soos hulle wil en wie hulle wil, hulle is vry om te glo of om nie te glo nie,” aldus Jolly.**

Daarteenoor is dit vir gelowiges belangrik om die boodskap uit te dra dat Christene drankmisbruik, losbandigheid en promiskuïteit in die naam van feestelikheid, veroordeel (vgl. Gal. 5:19-21). Dronkenskap hoort veral nie by Olimpiese atlete nie (vgl. Efés. 5:18). Christene veroordeel losbandigheid, want ook in feesvierings moet God verheerlik word (vgl. 1 Kor. 10:31). Waar Parys in die openingseremonie as die stad van die liefde voorgestel is, is dit ’n verwronge beeld wat geensins die liefde van en vir God ten toon stel nie (vgl. 1 Joh. 4:7-8).

Die finale tablo was ’n toneel wat visueel herinner aan Leonardo da Vinci se Laaste Avondmaal, wat die Here Jesus en sy dissipels uitbeeld. ’n Vrou met ’n stralekranskroon is die fokuspunt en diegene aan haar regter- en linkerkant se kleredrag wys duidelik dat hulle verteenwoordigers van die

Vervolg op bl. 29

# SMELTOOND

• *September 2024* •

**Deur Charlotte Möller**



# "Mag Christus verdeel word?"[1]

Na raming is daar tans ongeveer 47 100 denominasies in die wêreld.[2] As ons die eenheid van die kerk van Christus bely, waarom is daar dan soveel kerke? Want "'n verdeelde *ekklesia* veronderstel 'n verdeelde Christus, en 'n verdeelde Christus is 'n dooie Christus. 'n Verdeelde *ekklesia* (gemeente/kerk) moet daarom 'n dooie gemeente/kerk wees," aldus JH van Wyk. Die Nuwe Testament leer duidelik dat Christene "in vrede, harmonie en eenheid" met mekaar in die plaaslike kerk moet saamleef, én met ander plaaslike kerke."

Was daar dan geen onenigheid of verskeurdheid in die eerste *ekklesiai* weens "wanopvattinge, valse leer of dwaalleraars" nie? Die Nuwe Testament waarsku die kerk op verskeie plekke oor talle gevare wat haar bedreig: om met leuens verlei te word (Hand. 20:29-30); om deur valse leraars tot afvalligheid verlei te word (Efés. 4:14); misleidende filosofieë (Kol. 2:8); goddelose mense (Jud. 4); ensovoorts. Christus self waarsku teen die Fariseërs ("tradisionaliste") en die Sadduseërs ("liberaliste"). Dit vroeë *ekklesiai* het dus wel met "talle en uiteenlopende gevare" te doen gekry.

Wat moet 'n kerk doen wanneer kettery of on-Christelike optrede sigbaar word? Daar kan van die broer/suster onttrek word met die nodige voorafvermanings, terwyl ekskommunikasie 'n laaste moontlikheid is. Die Nuwe Testament stel nêrens voor dat individuele Christene of 'n groep Christene die plaaslike kerk verlaat nie. Ook nie dat 'n groep *ekklesiai* hulle van die ander kerke moet onttrek om 'n nuwe denominasie te vorm nie. Die Nuwe Testament leer wel dat daar dissiplinêre stappe teen dwaalleraars geneem moet word. Wanneer daar die een of ander probleem in die kerk ontstaan, dui die Nuwe Testament die optrede duidelik aan: "vergader saam, delibereer saam en besluit saam onder leiding van die Heilige Gees (Hand. 15) sodat *saam met al die gelowiges* begryp kan word 'hoe wyd en ver en diep die liefde van Christus strek' (Ef. 3:18), om sodoende in liéfde by die wáárheid te bly (Ef. 4:15)."

In die lig van wat die Nuwe Testament oor kerkskeuring leer, kán daar situasies wees waar 'n kerk nie anders kan as om haar van ander kerke los te skeur nie?

Gereformeerde teoloë vir wie die eenheid van die kerk baie belangrik is, meen dat kerkskeuring soms onvermydelik is. "So oordeel Bavinck dat wanneer 'n kerk meer gesag aan haar ampte en bedieninge en ordinansies heg as aan die Woord van God, en haar duidelik as 'n valse kerk openbaar, dan het gelowiges die heilige plig om hulle af te skei en weer kerklik te gaan lewe volgens die Woord van die Here – hoewel Bavinck nie kerkskeuring tot die vlak van 'n geloofsartikel wil verhef nie."

Die strydende kerk van Christus moes vanaf haar ontstaanjare "verdeeldheid, verskeurdheid, onenigheid, afskeiding, verwydering, fragmentasie en skisma" in die gesig staar. H Bavinck sê die volgende oor hierdie pad van "skade en skande": "Dit moet ook nie ontken word nie dat die eindelose verdeeldheid onder die navolgers van Christus aan die wêreld 'n oorsaak van vreugde en bespotting bied en dit 'n rede gee vir sy ongeloof in die Gestuurde van die Vader, omdat dit [die wêreld] die gelowiges se eenheid in Christus nie sien nie (Joh. 17:21). As Christene kan ons onsself nie diep genoeg verootmoedig oor die skeuring en onenigheid wat deur die eeue in die kerk van Christus bestaan het nie; dit is 'n sonde teen God, in stryd met die gebed van Christus, en veroorsaak deur ons verduisterde verstand en liefdelose hart."[3]

Uiteindelik is die vraag nie of die liggaam van Christus verdeel/verskeur mag word nie, maar is die vraag dalk eerder: "Wié skeur die liggaam?" Wanneer 'n kerk of 'n groepering in die kerk by die waarheid van die Skrif en belydenis bly, maar die meerderheid slaan in ongehoorsaamheid aan die Skrif 'n ander koers in, is húlle die skeurmakers. Al breek die minderheid uiteindelik weg om 'n nuwe kerk/kerkverband te vorm, is dit onbillik om hulle as skeurmakers te etiketteer. Dit is immers hulle wat daarvoor stry om by die Skrif en belydenis te bly.

---

1. Hierdie bydrae is 'n gedeeltelike opsomming van JH van Wyk se artikel, "Nadenke oor die teologiese regverdiging van kerkverdeeldheid en kerkskeuring," in *Verbum et Ecclesia*, 2008.
2. https://bit.ly/3LMuv9Y
3. Uit Nederlands vertaal deur die skrywer van hierdie bydrae.



# Die gehoorsame, groeiende gemeente en die sendingopdrag

**Ds. Leon du Plessis**[1]

**Die feit dat die ware kerk van Jesus Christus sending en evangelisasie doen, is 'n opdrag van die Here Jesus self: *En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld ...* (Mt. 24:14)**

Net voor sy hemelvaart herhaal Christus die sendingopdrag: *... en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde* (Hand. 1:8). Dit som die verskillende sendingterreine pragtig op: In die eie dorp en gemeenskap (Jerusalem), die buurgemeenskap (Samaría) en uiteindelik ook die *uiterste van die aarde*.

Elke wedergebore gelowige kan nie anders as om in gehoorsaamheid aan Christus, te getuig van dit wat die liefdevolle Vader in en deur sy Seun aan hulle gedoen het nie. Oral waar Hy hulle plaas, getuig hulle deur die liefde en diensbaarheid wat hulle uitleef, maar ook deur hul woorde, dat hulle die ewige lewe in Christus Jesus het. Só dring die Heilige Gees hulle om ongelowiges na die Verlosser te lei.

## Sendingbeleid: AP kerkverband

Die AP Kerk se sendingbeleid is op die opdragte van die Here geskoei. Reeds in die voorwoord skryf prof. Willie Lubbe: "Christus se laaste bevel aan sy dissipels, voor sy vertrek na die hemel, bly 'n opdrag aan al sy dissipels van alle eeue:

> *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het* (Mt. 28:19).

Die Christus-gelowige en die Christelike kerk wat hierdie opdrag minag of verwaarloos, het ontrou geword aan die opdrag van die Meester en is nie waardig om Christus se Naam te dra nie."[2]

Verwysend na Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus, word sending soos volg omskryf: "Sending is die handeling van die Drie-Enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, met die wêreld waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n kudde deur sy Woord en Gees vergader, deur wie Hy sy Woord aan die gevalle wêreld laat verkondig, die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies en volke tot stand bring, en diens aan die wêreld in sy nood laat lewer vir die uitbreiding en opbouing van God se koninkryk onder mense tot aan die voleinding."[3] Die res van die sendingbeleid is op hierdie definisie geskoei. Elke gemeente word opgeroep om getrou by die opdragte van Christus te bly.

## Sendingbeleid: Ander gereformeerde kerke

Die GHG beskryf haarself as 'n volkskerk wat op 'n praktiese manier sending en evangelisasie doen. Daarmee glo sy dat die Woord op elke mens, in sy of haar eie taal en kultuur, 'n appèl rig. Dié kerk is ook ten gunste van sendeling- en leraarsopleiding in elke taalgroep.

In die sendingorde (2018) van die GKSA, vind ons die volgende Bybelse standpunt rakende sending: "Die Here Jesus het Self aan sy kerk die sendingopdrag gegee (Matt. 28:18-20). Naas die liefdesgebod is die opdrag tot sendingwerk dus deel van die wese van die kerk. Die kerk wat nie sendingwerk doen nie, is ongehoorsaam aan die Here. Sendingwerk word nie gedoen met die primêre doel om die getalle van die kerk te verhoog nie, maar om gehoorsaam te wees aan die opdrag van ons Here, om die Evangelie na al die nasies te neem. Sending omvat

die kerk se totale gerigtheid na buite, met ander woorde nie net die uitdra van die Evangelie met woorde nie, maar ook dade van liefde en barmhartigheid waarmee die verkondiging van God se liefde en barmhartigheid met konkrete dade bevestig word (vgl. Matt. 5:13-16; 44-47). Ons onderstreep die noodsaak vir alle Christene om in tye van armoede, siekte, epidemies, en alle vorme van onreg teenoor mense, om hulle te beklee met die liefde van Christus. Sending is in die eerste plek God se aktiwiteit. Hy bring die Evangelie aan mense wat verlore is, sodat God deur hulle verheerlik kan word."

*Kerkorde 2023* (art. 53) spel die NG Kerk se sendingbeleid uit. Hiervolgens vorm sending deel van God Drie-enig se missie om lewe en volheid aan die wêreld te gee. Deur sy Gees en Woord vergader Hy vir Hom 'n gemeente wat sy Woord verkondig, gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand bring, diens aan 'n wêreld in nood lewer, die skepping en lewe bewaar en wat geregtigheid en versoening verkondig. Elke gemeente en lidmaat is gestuur om die evangelie in al sy dimensies aan hulle wat dit nie ken nie of wat daarvan vervreemd is, te bring.

In terme van die kerkorde van die Hervormde Kerk (art.7.1, 7.2), is die kerk gebind aan die opdrag van Jesus Christus om missionaal te leef. "Taal, kultuur en demografiese werklikhede bied besondere uitdagings aan missionale bediening, en daarom werk die kerk ook saam met ekumeniese vennote." Missionale werk begin by die eie lidmate. Lidmaat én gemeente is verder geroepe om die evangelie met Woord en daad na diegene wat nie met die kerk meelewe nie, uit te dra. Mense wat deur die werking van die Heilige Gees tot bekering kom, word gedoop, in gemeentes opgeneem en pastoraal versorg.

## Samevattende opmerkings en gevolgtrekking

Die sendingbeleid van elke denominasie blyk op die opdrag van Christus gebou te wees. Tog is daar beduidende verskille in die praktiese toepassing daarvan. Sekere kerkverbande is geneig om baie aandag aan sake soos sosiale geregtigheid en horisontale versoening te gee, soos wat dit byvoorbeeld uiting vind in die Belydenis van Belhar. In die AP Kerk werk ons van die oortuiging dat horisontale versoening slegs moontlik is op grond van vertikale versoening. Wie nie met Christus versoen is nie, se versoening met sy medemens sal altyd te kort skiet.

Nog 'n verskil in toepassing is dat die AP Kerk, in lyn met haar beleid oor die verinheemsing van die kerk, haar daarvoor beywer om die kerk van Jesus Christus onder elke volk en taal en nasie te laat tuiskom: "Die doel van sending, met die vestiging van kerke onder volkere, is dat elkeen in sy eie taal die groot dade van God kan hoor en ook weer verkondig (Hd. 2:8, 11), sodat elkeen sy aanbiddingsbehoefte onder sy volksgenote kan bevredig."[4]

Ten spyte van goedgeformuleerde sendingbeleide, daal lidmaattalle egter in alle denominasies. In 2024 moet ons vra: Hoeveel AP kerke is gehoorsaam aan Christus se bevele rakende sending en evangelisasie? 'n Kerkverband kan die mooiste Bybelsgefundeerde beleid hê, maar die toets lê in die praktyk.

Uit navorsing noop die volgende feite ons tot introspeksie. Vanaf 2014 tot 2023 het 25 AP kerke ontbind. In dié tyd het 152 gemeentes se getalle gedaal. Die totale lidmaatgetalle het met 8 684 gedaal. Slegs 30 gemeentes se getalle het in dié tyd toegeneem. Die hoofredes hiervoor is: Die gemeente doen daadwerklik sending en evangelisasie in die eie dorp, in die gemeenskap, maar is ook by sending oor die hele wêreld betrokke. Bediening van die geringstes vind plaas (vgl. Mt. 25:34-40). Daar word deurentyd gewerk aan die maak van nuwe dissipels.

Wanneer 'n gemeente se lidmate van die Gees deurdronge is, kan hulle nie anders as om die lig en liefde van God Drie-Enig uit te straal nie. Dit lei tot groei. Uit die oorvloed van hul harte, spreek hul monde om lig te gee aan hulle wat in duisternis vasgevang is. Die aangrypende is: Die gemeente wat deurentyd dissipels maak, ervaar veral geestelike groei en groei in lidmaatgetalle. Nuwe dissipels word die hele tyd by die gemeente gevoeg. Mag die ewige liefdevolle God elke gemeente wat aan Hom gehoorsaam is, ryklik seën met hierdie groei tot verheerliking van sy Naam en tot uitbreiding van sy koninkryk.

1. Leraar van die AP Kerk Trans-Magalies.
2. W.J.G. Lubbe, "Voorwoord," in *Elkeen, oral gestuurde* (Pretoria, 1993).
3. *Elkeen, oral gestuurde*, 1.
4. *Elkeen, oral, gestuurde*, 2.



# Liturgie in die Middeleeue

**Ds. Joubert Ferreira**[1]

Sedert die begin van die kerk is daar verskeie menings en opinies oor hoe die erediens ingerig moet word: Hoe moet dit gedoen word? Wanneer moet ons staan en wanneer moet ons sit? Wanneer lees ons uit die Bybel en wanneer bid ons? Watter liedere mag ons sing? Ensovoorts. Hierdie vrae word in die vakgebied liturgie hanteer.

Gedurende die Middeleeue (500-1500) het liturgie in die Christendom beduidende ontwikkelings en variasies oor verskillende streke en tradisies ondergaan. Van die sleutelaspekte en veranderinge gedurende hierdie tydperk, was soos volg:

## Vroeë Middeleeue (500-1000)

### *Roomse liturgie*

Die ontwikkeling van rites in die Rooms-Katolieke Kerk het al hoe meer na vore gekom. Dit is gekenmerk deur 'n gestruktureerde vorm van aanbidding, insluitend gebede, voorlesings en rituele.

### *Kloosterinvloed*

Kloostergemeenskappe, veral die Benediktyne, het 'n deurslaggewende rol in die behoud en vorming van liturgiese praktyke binne die Rooms-Katolieke Kerk gespeel. Kloosterliturgie het klem gelê op gereelde gebed en die sing van die Psalms.

### *Gregoriaanse hervorming*

Geïnisieer deur pous Gregorius VII in die 11de eeu, het hierdie beweging gepoog om die geestelikes te hervorm en liturgiese praktyke te standaardiseer, wat tot die verspreiding van die Roomse rites oor Wes-Europa gelei het.

## Hoogbloei gedurende die Middeleeue (1000-1300)

### *Skolastiese invloed*


Die opkoms van universiteite en skolastiek het teologiese nadenke oor liturgie beïnvloed, met geleerdes soos Thomas Aquinas wat bygedra het tot die verstaan van die sakramentele en liturgiese teologie.

### *Ontwikkeling van liturgiese boeke*

Die *Missaal* (vir die viering van die Mis), *Breviarium* (vir die Goddelike amp) en ander liturgiese boeke is meer gestandaardiseer en wyer in die Westerse Christendom gebruik.

### *Streeksvariasies*

Plaaslike variasies in liturgie het meer na vore begin tree, wat beïnvloed is deur kulturele, teologiese en politieke faktore. Voorbeelde hiervan is die Mosarabiese rite in Spanje en verskeie Keltiese rites.



Voorbeeld van die Breviarium

## Laat Middeleeue (1300-1500)

### *Liturgiese vroomheid*

Toewydingspraktyke soos die kultus van die heiliges, pelgrimstogte en die gebruik van private gebedsboeke het onder die "leke" gewild geword.

### *Liturgiese dramas*

Die opvoering van liturgiese dramas en raaisels het 'n manier geword (deur aanbidding met vermaak te vermeng) om Bybelse verhale aan die bevolking te leer.

### *Hervorming*

Aan die einde van die Laat Middeleeue het die oproep tot hervorming in die kerk (en haar liturgie) al sterker na vore getree.

## 'n Gereformeerde perspektief

Die Gereformeerde siening oor Middeleeuse liturgie word gekenmerk deur 'n kritiese standpunt wat tydens die Protestantse Hervorming in die 16de eeu na vore gekom het.

## Kritiek op Middeleeuse liturgie

### *Oordaad en bygelowe*

Hervormers soos Martin Luther, Johannes Calvyn en andere het gekritiseer wat hulle as oormatige ritualisme en bygeloof in die Middeleeuse liturgie beskou het. Hulle het aangevoer dat die Rooms-Katolieke Kerk se liturgie van die Bybelse eenvoud afgewyk het en met menslike tradisies en bygelowe belaai geraak het.

### *Fokus op die Skrif*

Die Hervormers het die beginsel van *Sola Scriptura* (Skrif alleen) as die basis vir geloof en praktyk beklemtoon. Hulle het geglo dat Middeleeuse liturgie dikwels van Bybelse leerstellings afgedwaal het en die sentraliteit van Christus en die evangelieboodskap vertroebel het.

### *Priesterskap van alle gelowiges*

Gereformeerde teologie het die priesterskap van alle gelowiges beklemtoon en die hiërargiese struktuur en klerikalisme wat in Middeleeuse liturgie voorgekom het, verwerp. Hulle het die direkte toegang van alle gelowiges tot God deur Christus beklemtoon, wat die rol van tussengangers soos "heiliges" en "geestelikes" tot die minimum beperk.

### *Vereenvoudiging en duidelikheid*

Hervormers het gepoog om liturgiese praktyke te vereenvoudig en verstaanbaarheid in aanbidding te beklemtoon. Hulle het gepleit vir dienste wat in die volkstaal eerder as Latyn gehou word, wat die Skrif en aanbidding vir die gewone man op straat toeganklik maak. ☺

1. Leraar van die AP Kerk Hoedspruit.

«Vervolg vanaf bl. 24

## SPORT OF SPOT: OLIMPIESE SPELE 2024 (vervolg)

LGBTQIA+-gemeenskap is. Hoewel Jolly beweer dat die skildery nie sy inspirasie vir die toneel was nie en dat hy om verskoning vra vir die aanstoot wat dit gegee het, kan die duidelike ooreenkoms met die Here en sy dissipels se nagmaalsviering nie ontken word nie. Die verskoning dat die toneel op die skildery van Jan van Bijlert met die titel, "Fees van die gode" gebaseer is, hou ook nie water nie, aangesien hierdie skildery op sigself doelbewus deur Van Biljert op Da Vinci se Laaste Avondmaal gemik was.

Jolly se verduideliking staan duidelik onder verdenking in die lig van die feit dat sekere lede van die Olimpiese Organisasiekomitee erken het dat Jolly wel inspirasie vir die toneel uit Da Vinci se skildery geput het. Twee van die deelnemers aan die toneel het ook bevestig dat hulle bewus was dat die toneel 'n parodie van Laaste Avondmaal was en noem dit selfs "die nuwe gay testament". In 'n land waar lastering nie net wettig is nie, maar as 'n belangrike pilaar van vryheid van spraak beskou word, bring dit die opregtheid van die organiseerders se verskoning onder verdenking (vgl. Lev. 24:16; Kol. 3:8).

Hoewel hierdie parodie 'n bespotting van Christus en die Christendom is, verwag die LGBTQIA+-gemeenskap in dieselfde asem aanvaarding en verdraagsaamheid van Christene. Die feit dat kinders by 'n produksie met afstootlike seksuele ondertone betrek is, is laakbaar (vgl. Lk. 17:2). Die ontsteltenis en heilige woede van Christene is weglaatbaar klein teenoor die gevolge wanneer die heilige God as regter oor hierdie skreiende optrede sal oordeel (vgl. Spr. 3:34).

**Die AP Kerk wil dit hiermee onomwonde stel dat die skoonheid van sport daarin geleë is dat gelowiges God daardeur verheerlik. Die Christelike karakter is duidelik wanneer atlete wat verloor, in die gees van ware sportmanskap aan die wenner erkenning gee, en wanneer wenners God vir hul gawes en vaardighede eer (vgl. Rom. 7:25; Kol. 3:17).**

Die Bybel beskryf die vreugde van hulle wat aan God toegewyd lewe (vgl. Ps. 4:8; 16:11). Wanneer ander mense se optrede die eer van die Here aanstoot gee, is voorbidding vir sondaars gepas (vgl. Lk. 6:28). Mag hierdie insident ons herinner dat Christene ín hierdie wêreld, maar nie ván hierdie wêreld is nie (vgl. Joh. 17:11-16). Christene laat hul nie meesleur deur die tydsgees en die verleiding van die wêreld nie (vgl. Efés. 4:14; Jak. 4:4), maar wil die wedloop voltooi wat in hemelse heerlikheid eindig (vgl. 2 Tim. 4:7; Hebr. 12:1). ☺

**HULDEBLYK:**

# Ds. Jurie Johannes Venter

## (25 Maart 1942 tot 25 Junie 2024)



Op 82-jarige ouderdom het ds. Jurie Venter die wenstreep oorgesteek.

Hy matrikuleer in 1958 aan die Afrikaans Hoër Seunskool. By die Pukke ontmoet hy Pietra Hamersma, 'n nooi van die Paarl en hulle tree op 16 April 1966 in die huwelik. Uit die huwelik word vyf kinders gebore: Jurie, Christina, Marietjie, Eise en Petrus.

Ds. Jurie begin sy bediening in 1972 as leraar van die Gereformeerde Kerk Ladysmith en dien in verskeie gemeentes. Hy was onder andere ook assistentredakteur van *Die Kerkblad*. Op 9 Junie 1988 word hy bedienaar van die Woord in die Afrikaanse Protestantse Kerk. Hy emeriteer in 2007 waarna hy verskeie gemeentes met beperkte dienstermyn bedien.

Dat ds. Jurie mense se lewens op 'n betekenisvolle manier geraak het, staan soos 'n paal bo water. Die impak op elkeen wat hom geken het, selfs net in die verbygaan, is onbeskryflik. Sy afwesigheid word diep in die hart gevoel. As vriend en kerkgenoot was hy bekend vir sy besondere liefde en vriendelikheid. Sy warmte en hartlikheid teenoor almal het 'n diep indruk gelaat.

Ek noem graag 'n paar van sy persoonlikheidseienskappe: Hy was betroubaar, eerlik en opreg in alle interaksies en het altyd die waarheid gepraat. Hy het sy woord gehou en was verantwoordelik in al sy verpligtinge. Ds. Jurie was medelydend, vol begrip en simpatiek teenoor ander se gevoelens en omstandighede. Hy sou homself ook altyd tweede stel. Hy was 'n optimis. Met sy positiewe gesindheid het hy altyd die goeie in alle omstandighede raakgesien. Hy was onselfsugtig en altyd bereid om ander te help sonder om iets terug te verwag. Hy het 'n nederige en dankbare hart gehad en was geensins hoogmoedig nie. Sy uithouvermoë was verstommend. Hy was sterk in die aangesig van teëspoed en kon vinnig uitdagings oorkom en met sy vasberadenheid kon hy doelwitte bereik.

Ds. Jurie, of sommer "oom Jurie" soos baie hom geken het, sal onthou word vir die Godsman wat hy was, maar ook vir die onwrikbare liefde vir sy volk, taal en kerk.

**Albert Bierman**





Prys: 190

Ook beskikbaar op amazon kindle

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

Christus se vervulling van die Tien Gebooie beteken nie dat Hy dit kom afskaf het nie. As deel van die wet is die vierde gebod daarom nog van krag. Deur sy sondelose gehoorsaamheid het Hy die inhoud daarvan verwerklik. Die eerste Adam het gruwelik misluk; die tweede Adam het die nuwe verbond oorwinnend ingestel. Die oue is verby; die nuwe het aangebreek. Hierdie boek beskou die vierde gebod (die sabbatsgebod) vanuit die hoek dat die Tien Gebooie steeds op die kerk van toepassing is, maar vestig die aandag op die middelaarskap van Christus.

www.liginduisternis.co.za • boekwinkel@liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis UITGEWERS

**AP KERK BRAKRIVIER**

# Nuusgebeure

## Geseënde gemeentegroei

Ons klein seegemeentetjie beskou haarself as besonder bevoorreg en geseën. Ons het binne drie maande 18 nuwe lidmate verwelkom, wat ses dooplidmate insluit. Hulle het uit alle oorde gekom: Pretoria, George, Kimberley, Petrusburg, Bloemfontein, Welkom, én uit verskillende kerkverbande: AP Kerk, NG Kerk en NHKA. Terwyl 'n nuwe lidmaat 'n groot bonus vir 'n kleiner gemeente is, is daar ook die besef dat 'n wins vir een gemeente, 'n hartseer verlies vir 'n ander is. Daarom dank ons God dat Hy hulle met sy eie hand na ons gestuur het. Ons gebed is dat hulle gou sal aanpas, nuwe vriende maak en hul voete in die nuwe gemeente sal vind.



*Nuwe lidmate*

## Ons neem afskeid

Dit is met leedwese dat ons verneem het van die skielike afsterwe van sr. Elza (of Heidi, soos sy ook bekend was) Rademeyer op 1 Julie, 'n week voor haar 80ste verjaarsdag. Elza en haar man Gert, was baie betrokke by die stigting van ons gemeente op 1 Februarie 1993. Sy het meestal die voortou by die sustersaksies, gemeentelike aktiwiteite en gemeenteverpligtinge geneem. As egpaar het hulle ook fluks gehelp gedurende ons kerkgebou. Elza was 'n bekende skryfster van fiksie, veral gemik op die ouer jeug en jong volwassene. Elza en Gert was die laaste twee veterane van die begin-gemeente van 1993. Ons dra liefdevolle herinneringe aan haar in ons harte.



*Elza (Heidi) Rademeyer*

## Die Kieries gaan van krag tot krag

Die idee van 'n seniorgroep het van 'n nuwe lidmaat vanuit die NG Kerk gekom. Die Covid-epidemie het egter geruime tyd 'n stokkie voor die voorgenome stigting gesteek. Ná die eerste uitstappie het hierdie groep egter van krag tot krag gegaan. Ander, effens jonger, lidmate het gevra of hulle ook deel van die seniorgroep kan word. Ons het gou besef hoe groot die eensaamheidsfaktor onder ons ongetroudes en weduwees/wewenaars is. Alhoewel ons die naam behou het, het ons deesdae nogal kranige Kieries in ons geledere. Ons wil ander gemeentes graag aanmoedig om ook op hierdie wyse aan 'n behoefte in gemeentes te voldoen.



*Kranige Kieries*

Janine du Plessis

**AP KERK GROBLERSDAL**

## Afskeidsete: Ds. Paul Möller

Die AP Kerk Groblersdal het onlangs afskeid geneem van haar geliefde predikant, ds. Paul Möller en sy gesin, Leonora en seuns Pieter-Willem, Hercules en Paul jr. Ds. Paul het die beroep na die AP Kerk Olifantshoek aanvaar.

Dit was 'n geleentheid van gemengde emosies waar ons met hartseer afskeid geneem het, maar ook opregte hoop koester vir 'n voorspoedige en geseënde tyd by die gemeente op Olifantshoek. Ná sy afskeidspreek, wat ook die nagmaalbediening ingesluit het, het ons 'n gesellige afskeidsete geniet waar verskeie boodskappe van lidmate, kommissies en afgevaardigdes oorgedra is. Ons bede vir ds. Paul en sy gesin is dat die gemeente op Olifantshoek onder hul leiding, met die genade van die Here, van krag tot krag sal groei.

Anita Pieterse




*Ds. Paul Möller*

**AP KERK WATERBERG**

## Bevestiging van nuwe leraarspaar

Op Saterdag 6 Julie het die gemeente ds. Riaan en sr. Elize Pretorius verwelkom. Die diens is gelei deur ds. Markus Mattheus van die AP Kerk Naboomspruit. Ná die diens het die susters almal trakteer op heerlike lekkernye. Ds. Pretorius se intreepreek het Sondag 7 Julie plaasgevind. Sy boodskap was: "Die Woord van die Here is alles. Bewaar dit in jou hart" (Ps. 119:9-16). Ná afloop van die diens het die susters 'n heerlike middagete voorgesit. Die gemeente bid die Here se seën toe op ds. Riaan en sr. Elize se werk in die gemeente. Mag hul arbeid vrugbaar en hul verblyf in die gemeente gelukkig wees.

Stoffel Visser



*Ds. Riaan en Elize Pretorius*

**Selfsorgakkommodasie met:**
MAJUBA 1881
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.
NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.
**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**Kasteelsig Gastehuis**
**Pretoria**
**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**
±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal
**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

**AP KERK GROOTFONTEIN (TVL.)**

## Ons vier genade en dankbaarheid

Terwyl ons nadink oor die afgelope ses maande, is ons gevul met 'n diepe gevoel van dankbaarheid vir die genade en seëninge wat God oorvloedig aan ons gemeente geskenk het. Sy onwrikbare liefde en beskerming het ons gelei, en ons is verheug om van die onlangse gebeure te vertel wat ons as 'n gemeenskap van gelowiges nader aan mekaar gebring het. Laat ons aanhou om Hom te loof en te eer, altyd bewus van sy onwrikbare getrouheid in ons lewens.

### Inwyding van ons nuwe kerkgebou

Ná meer as 20 jaar se beplanning en gebed, het ons droom om ons eie kerkgebou te hê, uiteindelik waar geword. Deur die genade van God en deur verskeie skenkings kon ons 'n pragtige kerk bou om Hom te eer. Sedert die opening op 28 Januarie 2024, vergader ons elke week om dankbaar in hierdie heilige ruimte te aanbid.

### Seniorburgerete

Op 6 April het ons 'n spesiale middagete vir die seniors aangebied. Ons het ons daarin verlustig om ons bejaarde lidmate te bederf en hul gemoedere is opgewek deur die engelstemme van Hennie en Yvonne Blignaut van Bronkhorstbaai. Dit was 'n dag vol vreugde en waardering.

### Manne-ontbyt

Op 8 Junie het die susters 'n heerlike ontbyt voorberei om die broers te bederf. Tydens hierdie geleentheid het teologiese student, Dianlo Stoltz, 'n inspirerende praatjie, gebaseer op 1 Timótheüs 6, gelewer. Die broers is bemoedig met die boodskap: "Maar jy, man van God." Dit was 'n oggend van innige gemeenskap, nadenke en geestelike verryking.

Susan Grobler



*Inwyding van nuwe kerkgebou*



*Inwydingsdiens*



*Seniorburgerete*

**AP KERK SUIDKUS NOOI BESOEKERS EN PREDIKANTE UIT**

Die AP Kerk Suidkus nooi besoekers aan die kus om eredienste by te woon (Sondae, 09:00). Graag nooi ons ook predikante wat in die omgewing vakansie hou, om hier te kom preek.

**Adres: Alexanderweg 58, Margate. Kontak oudl. Kobie Jacobs 082 896 3236.**

## BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

## VOORNEMENDE EN HUIDIGE KOVSIES

Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede.

**AP Kerk Bainsvlei – kontak ons by 082 614 5857**

## Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

## SUIDKUS VAKANSIEVERBLYF

Feitlik op die hoofstrand (braaiers by woonstelle en swembad). Twee slaapkamer (slaap 6) met DStv. Veilig omhein met lugreëling. Buite seisoen: Vanaf R400 per nag (breekskadedeposito betaalbaar). R500 vir skoonmaak. Pensioenarisse:10% afslag.

**Jopie du Plessis Edms. Eiendomme Bpk.:**
**Sel: 082 858 7047 of e-pos: jopiedupl@gmail.com**

## IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

## AP KERKDASSE

Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos: pietersburg@apk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.


Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad • Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

As my gedagtes binne-in my vermenigvuldig, verkwik U vertroostinge my siel (JULIE/AUGUSTUS 2024, BL. 24)

**AP KERK RUSTENBURG**

## Nuus en gebeurtenisse

### Doopgeleentheid

Op 6 April is Ruvan Janse van Rensburg gedoop. Sion, die seuntjie van Johan en Meredith de Waal wat in Frankryk woon, is op 2 Junie gedoop.

### Damesoggend

Op 4 Mei is 'n damesoggend in die kerksaal aangebied. Lidmaat Elize Peyper en haar kleindogter en hoofmeisie van die Hoërskool Rustenburg, Denicke Pretorius, het die susters toegespreek aan die hand van die tema: "Die skoene wat ons vol staan." Die oggend is verder opgehelder met musiek, heerlike eetgoed en samesyn.

### Manne-ontbyt

Op 1 Junie was dit die manne se beurt. Prof. Johan Bosman se tema: "Waarom het God my 'n man gemaak?" het die broers behoorlik aan sy lippe laat hang. Ná die stewige pitkos, is 'n heerlike ontbyt geniet.

### Predikantsvrou word 60!

Op Sondag 21 April, ná die erediens, is dié mylpaal-verjaarsdag met die tema: "Tersia in Wonderland se teepartytjie", in die saal gevier. Lidmate het aan die viering deelgeneem en dit was 'n aangename en vrolike geleentheid.

### Pinksterreeks

Ons Pinksterbidure het vanaf 12 tot 16 Mei (Sondag tot Donderdag) plaasgevind. Ds. Nico Grobler se reeks: "Volharding op die pad van heiligmaking", is voorafgegaan deur samesang en gevolg deur gebedstyd. Die geestelike voedsel is elke aand met 'n ligte aandete afgesluit.

### Gemeente-ete

Op 19 Mei was Pinkstersondag én nagmaal 'n besondere geleentheid. Die smaaklike gemeente-ete het bestaan uit Bybelse kosse en die tafels was pragtig gedek.


Micky Badenhorst



Ds. Nico Grobler saam met Ruan, Annelie en klein Ruvan Janse van Rensburg



Johan en Meredith de Waal met Sion



Prof. Johan Bosman by die manne-ontbyt



Tersia in Wonderland se teepartytjie

**SINKPLAATFIETSTOER**

Orania → Witput → Kraankuil → Orania
18-20 Desember 2024, 180 km

**Johan de Klerk: 083 407 1440**

**SUIDKUS – MARGATE**

**Loopafstand van hoofstrand.**
**2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.**

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**

**AP KERK HLUHLUWE**

## Bevestiging van leraar

Op Sondag 30 Junie is ds. Jaques Boonzaier as leraar van die AP Kerk Hluhluwe bevestig. Die bevestiging en erediens is deur ds. Lourens du Preez van Hoopstad behartig. Ons gemeente is dankbaar vir die groot voorreg om weer 'n leraar en sy gesin te kan verwelkom om hier in die verre Noord-Natal, in die diens van die Here te kom staan.


Gerrie de Wet



*Ds. Jaques Boonzaier*



*Ds. Jaques en sy familie*



Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS


LEESSTOF VIR OUD EN JONK!










www.liginduisternis.co.za • boekwinkel@liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis
UITGEWERS

**AP KERK NELSPRUIT**

## Ringsitting

Dit was vir die AP Kerk Nelspruit 'n voorreg om die Ring van Nelspruit, bestaande uit die gemeentes Hoedspruit, Lebombo, Lydenburg, Witrivier en Nelspruit op 10 April te ontvang. Met hul aankoms, is die afgevaardigdes met versnaperings verwelkom. Ds. Joubert Ferreira van die AP Kerk Hoedspruit het die vergadering gelei. Ds. Adriaan Botes van die AP Kerk Lydenburg het as skriba notule gehou. Die vergadering het op harmonieuse wyse plaasgevind en die band tussen die gemeentes van die Ring is verder versterk. Ná die afsluiting van die vergadering is die afgevaardigdes getrakteer op 'n heerlike middagete, voorgesit deur die susters van die AP Kerk Nelspruit. Ds. Olof van Rooyen het die tafelgebed gedoen en die susters bedank vir hul gasvryheid.

Die susters van die AP Kerk Nelspruit bid die Here se seën toe op die werksaamhede van die Ring, asook die gemeentes onderling.

AP Kerk Nelspruit Vroueaksie



*Ringsitting*

**AP KERK STORMBERG**

## Bevestiging van nuwe kerkraadslede

Dit was vir die AP Kerk Stormberg, op Dordrecht in die Oos-Kaap, 'n groot vreugde om op Sondag 7 Julie 'n tweede ouderling en diaken in hul onderskeie ampte te bevestig. Die nuwe ampsdraers is boonop oupa en kleinseun. Ons gemeente bid broers Johnny Botha en Matthew Croucamp alle seën op hulle ampswerk toe.

Ds. Adriaan Bester



*Vlnr.: Diaken Matthew Croucamp, ds. Adriaan Bester en ouderling Johnny Botha*




Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

**Prys: R50**

Ook beskikbaar op amazonkindle

Daar word gemeen dat die oorsprong van die huidige praktyk van huisbesoek by Calvyn gevind moet word. Ná Calvyn het huisbesoek deur ampsdraers 'n algemene instelling in gereformeerde kerke geword en is vanuit Europa na Suid-Afrika oorgebring. In ons tyd is daar egter baie vrae oor huisbesoek: Is dit 'n opdrag van die Here? Is dit van nut vir die lidmaat sodat daar tyd daaraan afgestaan moet word? Indien wel, hoe lyk behoorlike huisbesoek? Tesame met 'n kort historiese oorsig oor huisbesoek, is dit van die vrae wat in hierdie bondige publikasie beantwoord word.

**www.liginduisternis.co.za • boekwinkel@liginduisternis.co.za**

Lig in Duisternis UITGEWERS



# Totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika

– Dr. Pieter Möller

## Ná-oorlogse verwikkelinge in Suid-Afrika

Henry Campbell-Bannerman, die pro-Boer leier van die Britse Liberale Party, het nadat hy in Brittanje aan bewind gekom het, verantwoordelike bestuur aan die voormalige Boererepublieke toegeken. As gevolg daarvan het die Het Volk Party in die Transvaalkolonie en die Orangia Unie in die Vrystaatkolonie ná verkiesings aan bewind gekom. Die politieke leiding was ses jaar ná die Vrede van Vereeniging weer hoofsaaklik in die hande van Boeregeneraals. In die Kaapkolonie was daar vir die Afrikaners ook positiewe verwikkelinge toe die Suid-Afrikaanse Party in 1908 aan bewind kom en die pro-Boer, JX Merriman, Jameson as eerste minister vervang. Net in die Natalkolonie was Afrikaners nie in beheer nie.

Aangesien die vier Suid-Afrikaanse kolonies nou gelyke status geniet het en soortgelyke probleme moes trotseer, het dit die weg vir moontlike nouer aaneenskakeling voorberei. Die meeste leiers het ook al meer aan vereniging begin dink as oplossing vir hul probleme. Ten spyte van die Transvaalse Afrikaners se afkeur van die Engelse, het generaal Louis Botha met sy beleid van versoening tussen Afrikaners en Engelse tot 'n mate daarin geslaag om 'n redelike aantal te versoen. Teen hierdie tyd was hy oortuig dat die toekoms van die voormalige Boererepublieke binne die Britse Ryk lê en daarom was dit sy ideaal dat Afrikaans- en Engelssprekendes tot een nasie moes saamsmelt. Hierdie ideaal is heelhartig deur generaal Jan Smuts onderskryf. Ook Merriman was ten gunste van 'n verenigde Suid-Afrika en was van mening dat as die inmenging van die Britse regering in Suid-Afrikaanse sake beëindig word, die verskille tussen Afrikaans- en Engelssprekendes mettertyd vanself opgelos sou word.

## Die Selborne-memorandum

Lord Selborne volg sir Alfred Milner as Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika op. Alhoewel tersaaklike memorandum na hom vernoem is, was dit in werklikheid die werk van Lionel Curtis, een van Milner se bekwame jong amptenare. Hy het inligting oor die nouer vereniging van die vier kolonies ingesamel en terselfdertyd vereniging gepropageer. Probleme wat ervaar word, is aangedui en daar is op die voordele van een regering bo vier afsonderlikes gewys. Op versoek van die Kaapse regering het lord Selborne die memorandum in 1907 onder die aandag van die vier koloniale parlemente gebring en verneem na hul menings oor 'n moontlike vereniging. Die memorandum is allerweë goed ontvang en Closer Union Societies wat hulle vir vereniging beywer het, is in die lewe geroep.

## Die Nasionale Konvensie (1908-1909)

'n Interkoloniale konferensie oor die spoorweg- en doeanegeskil, waartydens Smuts voorgestel het dat Suid-Afrika in belang van blywende voorspoed verenig moes word en Rhodesië die reg tot toetrede moes hê, het uiteindelik die wegbereider vir 'n nasionale konvensie geword. Sy voorstel is deur die koloniale parlemente aanvaar en 33 afgevaardigdes onder voorsitterskap van die Kaapse hoofregter, sir Henry de Villiers, het agtereenvolgens in Durban, Kaapstad en Bloemfontein vergader (1908-1909). Hulle moes oor die vorm van vereniging (unie of federasie) besluit en 'n konsepgrondwet opstel. Smuts se argumente ten gunste van 'n unie het die deurslag gegee. Verskeie probleme is bespreek. Oor nieblanke stemreg was daar skerp

Vervolg op bl. 40 ››



# Met raad en daad

**Hannekie Verwoerd**

Dis partytjietyd. Die uitnodigings is uitgestuur, die voorbereidings is getref, die gaste het opgedaag. Die kinders speel heerlik en die mammas kan ontspan. Nuus word uitgeruil, winskopies bespreek. Vinnig swaai dit na kinders en die huishouding. Dikwels is daar iemand wat oor die een of ander aspek van haar kind se ontwikkeling besorg is. Haar kwelling raak ons harte en ons voel jammer vir haar en gewoonlik is ons eerste reaksie om haar gerus te stel. Gewapen met stories oor wie almal presies dieselfde probleem gehad het en wat toe wonderbaarlik verdwyn het, smeer ons salf op 'n rou gemoed. Maar het ons haar gehelp?

Nog 'n gesprekstema om 'n partytjietafel is klagtes – oor kinders se swak gedrag en oor ons eie tekortkominge of sondes. En dan kan ons mekaar tog so lekker warm praat, want eintlik is ons maar op soek na regverdiging vir daardie geskel van vanoggend, die tirade wat deur die gang weergalm het. Of die feit dat alles in ons huishoudings op sy kop staan omdat ons verslaap het ná 'n diep-in-die-nag-leessessie. Ons is soekend na bevestiging dat ons nie slegte ma's is nie, dat ons nie die enigstes is wat worstel met die sonde van ongeduld en luiheid, of maklik swig voor die versoeking om ons kinders in lyn in te skree en dan ontvlugtingstaktieke te gebruik om onsself te troos nie. Om onsself dan nog beter te laat voel, verklein ons ons sondes deur dit met ander mense se tekortkominge en gebreke te vergelyk. En wanneer ons partytjiegesels dit regkry om ons bose weë te regverdig met 'n "toemaar, almal sukkel maar", het ons mekaar dan gehelp?

## Is my reaksie of raad Bybels?

Ons moet weet wat die Bybel oor kinderopvoeding leer – die verhouding tussen ouers en kinders, versoekings en die sorge van die lewe (om 'n paar te noem). Voor jy dus ywerig begin raad gee en simpatie uitdeel, vra jouself af: Wat is wyse raad? Weet ek genoeg daaroor? Het ek ál die inligting? Nog meer: Wat leer die Bybel daaroor? In plaas van simpatiseer met ons ewe ongeduldige vriendinne, moet ons daaroor dink dat die Woord ons streng aanspreek oor die beheersing van die tong en dat ons ons met Christus moet beklee en as ons kwaad word, nie moet sondig nie. My ervaring van iemand wat nie toegegee het en my in my kwaad gesterk het nie, was besonders – 'n vars bries deur 'n ou muwwerige kamer ... Op 'n dag het ek 'n partytjie bygewoon in 'n vriendekring waarmee ek nie bekend was nie. Nadat ek my met 'n koppie tee en 'n sny verjaardagkoek tuisgemaak het, het ek reggeskuif vir wat nou noodwendig gaan volg: Die geleentheid om bietjie beter oor myself te voel by die aanhoor van almal se ewe harde valle in versoekings, wat die lot van elke ouer is.

Ek maak toe 'n terloopse opmerking teenoor my buurvrou oor hoe sleg ek voel oor my ongeduld teenoor my kinders daardie oggend. In plaas daarvan dat sy inval met die gewone "toemaar, ek sukkel ook hiermee, jy is nie so sleg nie", vra sy of ek al my kinders om vergifnis gevra het. Ek was tot stilstand geskok. 'n Groot honger het daardie dag in my opgestaan. Ek het iets gesmaak van wat susters in Christus veronderstel is om vir mekaar te beteken – medegelowiges wat jou nie toelaat om in jou sonde te bly lê nie, maar wat jou aanmoedig om die regte ding te doen.

## Wat van Mamma-raadop? Hoe help ek haar?

'n Praktiese plek om by te begin, is die kennis dat God mense en gesinne uniek maak. Kinders is

verskillend en daarom moet ons versigtig wees om ons ervarings en werkswyse met ons eie kinders (of daardie anekdote wat ons aanhaal) as riglyn te gebruik en te reken dat dit noodwendig ook vir iemand anders sal werk. Ons is so geneig om 'n oor-dieselfde-kam-skeer-benadering te gebruik wanneer ons mekaar oor kinderopvoeding raad gee.

**Die enigste geldige raad van hierdie aard, is Bybelse beginsels oor kinderopvoeding.**

Dit beteken nie dat ervaring niks werd is nie. Om ouer en wyser te word kom deur ervaring – geïnterpreteer deur die wete dat God in my lewe werksaam is. Wees egter nederig. Selfs al het jy 'n groot gesin en baie kinders met uiteenlopende persoonlikhede en uitdagings, moet jy bewus bly van die feit dat die unieke wisselwerking tussen kind, gesin en omgewing, situasies kan meebring wat jy nog nooit in jou lewe teëgekom het nie. Wat spesifieke ontwikkelingsafwykings betref, is dit ook moontlik dat jy skade kan doen as jy in dwase arrogansie 'n ma se opregte bekommernis oor haar kind as onnodig afmaak. Jy hoef nie te voel dat jy die antwoord op almal se probleme moet hê nie.

Maar ... stel opreg belang. Vra uit en vra slim uit (wat "mooi luister" vra) sodat jy, indien moontlik, meer insig in die situasie of probleem kan kry. Stry teen die versoeking om oppervlakkig te simpatiseer en so gemoedere te kalmeer. Dikwels stuur ons mekaar eintlik met 'n kluitjie in die riet weg as ons hierdie roete volg, wat daarop neerkom dat ons nie die waarheid in liefde gepraat het nie.

Laastens, in plaas daarvan om 'n mamma se vrese te probeer besweer, bied aan om voorbidding te doen. As jy dit regkry, is jy aktief besig om te help dra aan jou suster in die geloof se laste. ☺

---

«Vervolg vanaf bl. 38

## Totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika

meningsverskil en uiteindelik is 'n kompromis bereik dat die Kaapse nieblanke kiesers hul stemreg sou behou. Dit is deur artikel 35 in die grondwet verskans. Ook die landstale, Hollands en Engels, is deur artikel 137 verskans. Dit beteken dat dit slegs met 'n tweederdemeerderheid van die parlement verander sou kon word. Die konsepgrondwet, wat aanstons as die Zuid-Afrika Wet bekend sou staan, is aan die koloniale parlemente voorgelê. Dit is uiteindelik eenparig aanvaar. 'n Afvaardiging is na Londen gestuur om goedkeuring vir hierdie Wet van die Britse Parlement te verkry. Dit is aanvaar, maar met kritiek dat daar nie vir 'n eenvormige stemregstelsel voorsiening gemaak is nie. Ook die nieblankes het uit protes, maar vergeefs, 'n afvaardiging na Londen gestuur. Ten spyte van dié teenkanting het die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand gekom.

### 'n Unieke situasie ontstaan

Die Britse regering het Herbert Gladstone, seun van die pro-Boer politikus, WE Gladstone, as goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika aangestel. Omdat daar nog nie 'n verkiesing plaasgevind het nie, kon Gladstone nie die leier van die politieke party wat die verkiesing gewen het, as eerste minister aanstel nie. Die twee sterk kandidate was Botha en Merriman, wat saam met Smuts een van die hoofargitekte van die Unie was. Ofskoon Merriman pro-Boer en Engelssprekend was, het die Britse regering, in 'n oënskynlik versoenende gebaar, Botha laat aanstel. Hierdie eer het 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak en het later 'n baie groot invloed op sy politieke loopbaan uitgeoefen. In sy kabinet van 10 het hy slegs twee voormalige Boeregeneraals, Smuts en Hertzog, opgeneem. Hy het Merriman 'n kabinetspos aangebied, maar 'n teleurgestelde Merriman het dit van die hand gewys en uit die politieke lewe getree.

### Die eerste verkiesing en daarna


Die eerste verkiesing het op 15 September 1910 plaasgevind. Die Het Volk, Orangia Unie en die Suid-Afrikaanse Party het saamgewerk en met 68 teenoor 53 setels (van die hoofsaaklik Engelse partye) gewen. Aangesien Botha die nie-amptelike leier van hierdie samewerkende partye was, is hy op die normale wyse as eerste minister aangewys. Hierdie samewerkende groeperinge het eers in 1911 onder die benaming "Suid-Afrikaanse Party" saamgesmelt. Die eerste parlementsitting het op 30 Oktober 1910 plaasgevind. Enkele dae later het die Hertog van Connaught op 4 November die Unieparlement amptelik namens die Britse koning geopen. ☺

# Die Boekwinkel

LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za

Ook beskikbaar op amazonkindle





In hierdie boek wys Antonio Coppola hoe God se verbondsbelofte, dat Hy vir ons 'n God en ons vir Hom 'n volk sal wees, die ganse Skrif oorspan en in Jesus Christus in vervulling gaan. Hierdie boek sal jou help om beter te verstaan hoe God met sy kinders bemoeienis maak, jou geloof in Christus verryk en jou insig in die evangelie verdiep. Dit sal jou ook help om die groot, oorkoepelende verhaal wat in die Skrif afspeel, te verstaan, wat jou sal dring om ons getroue God en Verlosser, Jesus Christus, wat altyd sy beloftes nakom, te aanbid.

"Hierdie boek bied 'n bondige, duidelike en Christusgesentreerde inleiding tot die verbondsband tussen die soewereine Skepper-Verlosser en ons ... Lees, leer en aanbid in verwondering."

**DENNIS E JOHNSON**, *emeritusprofessor in praktiese teologie, Westminster Seminary California; skrywer, Walking with Jesus through His Word: Discovering Christ in All the Scriptures*

**PRYS:** R150



## STUDEER VERDER BY DIE APA EN ONTSLUIT NUWE DEURE!

*Baccalaureus Societas Scientiae*

**BSocSci**

Die BSocSci-graad is 'n kontakgraad. Dit het ten doel om meningsvormende leiers in die joernalistiek, politiek, onderwys en gemeenskapsontwikkeling te lewer wat die samelewing weg van die afgronde van beide die verlede en ons tyd kan help lei. Hierdie graad is uitnemend geskik as voorbereiding om leiers te wees op die berge van invloed, as dit so vir hulle beskik is: kerk, gesin, opvoeding, burgerlike regering, kuns en ontspanning, media, sowel as besigheid en ekonomie.

**KLASSIEK-CHRISTELIK | BYBELGETROU | AFRIKAANS**

- Studeer terwyl jy werk.
- Internasionaal aanwendbaar.
- Kwalifiseer om by SACE te registreer.
- Geakkrediteerde programme wat wye erkenning geniet!
- Geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys.

**Schola Scripta** (kontakprogram), **BA** (afstandsprogram), **BSocSci** (kontakprogram), **NGOS** (kontakprogram), **TPK** (afstandsgebaseerd), **BDiv** (kontakprogram)

WOORD LIG WAARHEID

**OU SPORE, NUWE WEË**

www.apa.ac.za

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
OPLEIDINGSINSTITUUT



Aansoeke
vir opleiding in
VERSORGING
is nou oop.



Rentevrye studielenings beskikbaar.

DOEN NOU AANSOEK
Slegs beperkte plekke is beskikbaar.
www.helpendehandopleiding.co.za vir meer inligting.



JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 185 • September 2024

# WERK OORSEE: Waar kry ek 'n Skrifgetroue kerk?

**DEUR DS. SCHALK STRAUSS**

Dalk beplan jy om ná skool in Amerika te gaan boer of om in Europa te au pair. Vir so 'n besluit moet jy goed beplan, want jy kan nie sommer op 'n vliegtuig spring en die vreemde invaar nie. Jy moet byvoorbeeld seker wees van 'n werk en jou dokumente moet in orde wees: registrasie op 'n agentskap se webblad, paspoort, visum, ensovoorts.

Een van die laaste dinge waaraan ons egter dink, is waar ons 'n kerk gaan kry waarby ons kan inskakel. Om eerlik te wees, dink ek nie dit is altyd baie hoog op ons beplanningslysie nie. Die meeste jongmense wil net 'n werk hê, lekker baie geld verdien en die wêreld sien. Ons redeneer gewoonlik: Ons sal maar kyk watse kerke daar is wanneer ons daar aankom. Maar hoe kies jy dan watter kerk die beste is? Om bloot die regte vrae te vra, kan jou help:

## Word die héle Bybel verkondig?

Maak seker dat die kerk wat jy oorweeg, die volle raad van God (alles in die Ou en Nuwe Testament) verkondig. Maak seker dat dié kerk nie maar net sê wat mense graag wil hoor, of net oor sekere dele van die Bybel preek nie. Vind uit watter belydenisskrifte onderskryf word, want dit gaan wys hoe daardie kerk die Bybel verstaan.

## Is Jesus Christus die middelpunt?

Luister of kyk vooraf na die preke van die kerk wat jy oorweeg. Maak seker dat Jesus Christus, wat Hy gedoen het om ons te verlos en hoe Hy wil hê ons moet lewe, die

kern van elke preek is. Die suiwer verkondiging van die Woord is ’n baie belangrike kenmerk van ’n Skrifgetroue kerk. As Jesus Christus nie die middelpunt van die prediking en die aanbidding in so ’n gemeente is nie, word die evangelie nie suiwer verkondig nie. Bly dan eerder weg.

## Word die sakramente suiwer bedien?

Nog ’n merkteken van ’n Skrifgetroue kerk is dat net die doop en nagmaal as sakramente bedien word. Maak byvoorbeeld seker of die kerk wat jy oorweeg, wel die doop bedien en indien wel, of die verbondsdoop (aan klein kindertjies) bedien word.

Nog ’n manier hoe jy die Skrifgetrouheid van die gemeente kan toets, is deelname aan die nagmaalviering. ’n Gemeente wat ernstig is om aan Christus gehoorsaam te wees, sal nie sommer ’n vreemdeling toelaat om saam nagmaal te gebruik nie. Hulle sal eers uitvind of jy ’n Christen is en wat jy oor Hom glo voordat hulle jou toelaat.

## Is ’n heilige lewe vir die gemeente belangrik?

Wanneer jy ’n kerk se boodskap oorweeg, maak seker hoe belangrik ’n heilige lewenswandel vir haar is. Jy kan dalk met een van die ouderlinge of die dominee gesels. Maak seker of alles wat die Bybel oor sonde leer, aan die hele gemeente verkondig word. Vind uit hoe sonde by lidmate hanteer word. Word dit by die naam genoem? Word die tug byvoorbeeld toegepas en met watter gesindheid word dit gedoen? Roep dié kerk ook die mense buite hul gemeente tot bekering op?

## Is die kerk waarlik liggaam van Christus?

Maak seker die kerk is gehoorsaam aan die opdragte wat Christus aan sy kerk gegee het. Is daar byvoorbeeld ouderlinge en diakens? Is dit manne wat voldoen aan die Bybel se riglyne vir ampsdraers (vgl. 1 Tim. 3)? Word die armes en behoeftiges versorg? Word die jeug bedien en geleer hoe om die Here te dien, of word hulle net vermaak? Doen die gemeente sendingwerk, of is hulle betrokke by aksies om die evangelie te verkondig? Is lidmate betrokke by mekaar? Is gebed belangrik? Erken die gemeente dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is? Vertoon lidmate die vrug van die Gees (vgl. Gal. 5:22-23)?

Daar is nog baie ander vrae wat ’n mens kan vra, maar hierdie is die belangrikste en sal jou help om ’n Skrifgetroue kerk te vind.

# Jesus en die sabbat (Lukas 6:1-11)




*Boustene van die Koninkryk: Graad 2, Illustrasie deur Ester van Deventer.*

# OPREGTE BELYDENIS VAN SONDE

*Opgestel deur Daleen Pienaar*

Erkenning: Drs. Steven Botes, "September," in *Kerkjaarboek 2017*




**DWARS**

1. Milddadig, omvangrykheid (Ps. 51:3)
2. Groot opgewektheid (Ps. 51:10)
3. Vroligheid, opgeruimdheid (Ps. 51:10)
5. Suiwer, eerbaar (Ps. 51:6)
6. Hart van ootmoed en berou (Ps. 51:19)
9. Soos om in die hof te verhoor (Ps. 51:6)
10. Hulle word op God se altaar geoffer (Ps. 51:21)
13. Dit moet God se lof verkondig (Ps. 1:17)
14. Om iets nie te openbaar nie (Ps. 51:11)
15. Oortredinge (Ps. 51:4)
16. Insig vanuit die verborgene gegee (Ps. 51:8)
17. Billik, doen wat reg is (Ps. 51:6)

**AF**

1. God het dit verbrysel (Ps. 51:10)
2. Nie gering ag nie (Ps. 51:19)
4. God het dit nie gevra nie (Ps. 51:18)
7. Sagte, spierwit vlokkies (Ps. 51:9)
8. Afgewyk van wat reg is (Ps. 51:6)
11. Plant gebruik vir reiniging (Ps. 51:9)
12. Weereens, van voor af (Ps. 51:12)
13. Sy het hom in sonde ontvang (Ps. 51:7)
14. Standvastige gees (Ps. 51:12)


Ester van Deventer

## JESUS EN DIE SABBAT (LUKAS 6:1-11)

Op ’n dag het Jesus en sy dissipels langs ’n koringland verbygeloop. Dit was nog vroeg. Niemand het gewerk nie, want dit was die sabbatdag. Almal sou ’n bietjie later na die sinagoge gaan om uit die Bybel te lees en saam te bid. Elke nou en dan het een van die dissipels gestop om ’n handvol koringare te pluk. Terwyl hulle loop, het hulle dit uitgevryf sodat hulle die koring kon eet. Die Fariseërs het hulle gesien koringare pluk en het toe sommer dadelik met die Here Jesus begin stry. Die Fariseërs was baie streng oor die wet – hulle het gedink dat, omdat hulle die wet so goed nakom, hulle baie spesiaal én baie beter as al die ander mense is.

**Die Fariseërs het Jesus se dissipels daarvan beskuldig dat hulle God se wet verbreek. Die vierde gebod leer ons mos dat ons die sabbatdag moet heilig en dat ons geen werk op die sabbat mag doen nie.**

Die Here Jesus het eers geluister wat hulle sê en hulle toe gevra of hulle onthou wat koning Dawid gedoen het toe hy en sy mans baie honger was en niks anders gehad het om te eet nie. Hulle het in die tempel ingegaan en van die offerbrood geëet wat net vir die priesters bedoel was. Niemand anders mag daarvan geëet het nie. Maar dit was nie verkeerd nie. Die brode het koning Dawid en sy mans in ’n tyd van nood gehelp. Net so was dit ook vir Jesus se dissipels wat koringare gepluk het: Die sabbat se reëls is nie daar om God se kinders te straf nie. Die Here Jesus kon dit sê omdat Hy God is. God het mos al die dae geskep, ook die sabbatdag. Daarom kan Hý besluit wat op die sabbat gebeur en wat nie.

Later was die Here Jesus op die sabbat in die sinagoge besig om die mense te leer. Die sinagoge was vir die Joodse mense amper soos ’n kerk. Daar was ook ’n man met ’n gebreklike hand. Die Fariseërs het geweet dat Jesus wonderwerke kan doen.

**“Kom ons kyk of Jesus God se reëls gaan hou en of Hy hierdie man met die gebreklike hand op die sabbat gaan gesond maak,” het hulle vir mekaar gesê.**

Hulle het gedink dat as Jesus die man op die sabbat gesond maak, hulle vir al die mense kan wys dat Hy God se wet oortree het en dat hulle dan ’n rede sal hê om Hom dood te maak. Maar die Here Jesus het geweet watter gedagtes in hul harte was. Daarom het Hy die man geroep om by Hom te kom staan.

**“Sê julle vir my wat reg is. Is dit goed om vir iemand iets goed op die sabbat te doen, of is dit beter om soos julle, ’n mens op die sabbat te probeer doodmaak?” het Hy die Fariseërs gevra.**

Nadat die Here Jesus dit gesê het, het Hy die man se hand gesond gemaak. Die Fariseërs was baie kwaad en het planne gemaak hoe hulle Hom kan doodmaak.




# Mag *meisies* dominees word?

CHARLOTTE MÖLLER

Jy sal seker met my saamstem dat meisies sommer al op vyf, ses jaar begin droom oor wat hulle eendag wil word. Dalk ’n boervrou, of ’n juffrou, of ’n sangeres, of ’n ma … En dalk het jy al gewonder of jy ’n dominee kan word? Want as jou pa en ma jou sommer al kleintyd van Christus vertel het, of jy self in die Bybel gelees en in die kerk gehoor het wat die Here alles vir ons gedoen het, wil jy mos sommer self vir mense van die Here vertel!

**Sommer in die eerste boek van die Bybel, Génesis, lees ons dat God die mens na sy beeld gemaak het. Die God wat ons aanbid, is ’n Drie-enige God. Dit beteken dat God drie Persone is wat elkeen sy eie “werk” het.**

Die eerste Persoon, die Vader, het ons gemaak en Hy sorg dat alles in die hemel én op die aarde, volgens sy wil voortbestaan. Die tweede Persoon, Jesus Christus, het ons van ons sondes verlos en maak vir ons ’n plek by

die Vader gereed. Die derde Persoon, die Heilige Gees, woon in ons harte en wys ons elke oomblik van ons lewe hoe om meer en meer te word soos wat God ons in die begin gemaak het, voordat Adam en Eva sonde gedoen het.

Nou wonder jy seker wat hierdie moeilike saak wat grootmense ook nie altyd verstaan nie, maar wat ons glo omdat God dit so in die Bybel leer, te doen het met wat jy eendag wil word?

Soos wat die drie Persone van die Drie-eenheid elkeen hul eie "werk" het, net so het seuns en meisies, en mans en vroue, elkeen hul eie "werk". God het meisies en vroue so gemaak dat hulle sekere eienskappe het wat hulle anders as seuns en mans maak. Sonder dat ons geleer moet word, weet ons hoe om baie goed na 'n klein babatjie te kyk. 'n Man weet weer, sonder dat hy geleer moet word, hoe om sy gesin teen gevare te beskerm. Meisies en seuns, en mans en vroue, tree ook anders op omdat God ons verskillend gemaak het. 'n Meisie sal sommer maklik huil, of baie bekommerd raak as sy 'n katjie hoog in 'n boom sien vassit, terwyl 'n seun sommer vinnig 'n plan sal maak om die katjie te red.

**Net so is dit in die kerk van die Here: broers, of mans, en susters, of vroue, het elkeen hul eie "werk".**

Jesus Christus is die Koning van die kerk en Hy leer ons in die Bybel dat mans, namens Hom, die kerk, of gemeente, van Hom moet leer en teen gevare (soos mense wat die Here se Naam skade wil aandoen) moet beskerm. Mans is sterk en opgewasse om so 'n moeilike, maar belangrike taak te verrig. Só wil die Here dit ook hê. Dit beteken nie dat meisies, of vroue, niks in die kerk mag doen nie. Nee! Ons moet almal vertel van wat die Here vir ons en vir alle ander sondaars gedoen het. Ons moet altyd bereid wees om iemand wat hartseer is, moed in te praat. En ons moet die gawes wat die Here vir ons gegee het, gebruik om ons medelidmate te help. Dit is ook baie belangrik dat ons, as susters van die gemeente, die broers sal ondersteun en moed inpraat wanneer hulle moedeloos raak om die werk wat die Here vir hulle gegee het, voort te sit.

Meisie of seun, man of vrou, broer of suster, ons elkeen het ons eie spesiale "werk" in die kerk.